Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



# GESKIEDENIS

## SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING VOORBEELDE – KABV

## GRAAD 12

## ONDERWYSERGIDS

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

# GESKIEDENIS

# SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING VOORBEELDE – KABV

# GRAAD 12

# ONDERWYSERGIDS

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

| INHOUDSOPGAWE | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 3 |
| 2. | Doelstellings en Doelwitte van Skoolgebaseerde Assessering | 4 |
| 3. | Assesseringstake soos uiteengesit in die KABV | 5 |
| 4. | Program van Assessering en Gewigswaarde van Take | 6 |
| 5. | Gehalteversekeringsproses wat gevolg is | 7 |
| 6. | Assesseringstake: Brongebaseerde Vrae | 19 |
| 7. | Riglyne vir Leerders en Onderwysers: Voorbeeldantwoorde | 40 |
| 8. | Nasienriglyne en Rubriek | 66 |
| 9. | Bibliografie | 88 |

ÉcoleBooks

 DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM 

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

## 1. INLEIDING

Assessering is 'n aaneenlopende, beplande proses om inligting oor die prestasie van leerders te identifiseer, in te samel en te interpreteer deur die gebruik van verskillende vorms van assessering. Dit behels vier stappe: die genereer en insameling van bewyse van prestasie; die evaluering van hierdie bewyse; aanteken van die bevindings; en die gebruik van hierdie inligting om die leerders se akademiese ontwikkeling te verstaan en daarmee te help. Assessering moet beide informeel (assessering vir leer) en formeel (assessering om vas te stel wat geleer is) wees. In albei gevalle moet gereelde terugvoering aan leerders gegee word om die leerondervinding te verbeter.

Skoolgebaseerde assessering (SGA) is 'n doelmatige insameling van leerders se werk wat die verhaal van hulle pogings, vooruitgang of prestasie in 'n gegewe area vertel. Die gehalte van SGA-take is integraal tot leerders se voorbereiding vir die finale eksamens. Hierdie boekie dien as 'n hulpbron en bevat model SGA-take vir skole en Geskiedenis-vakonderwysers. SGA-punte word formeel deur die onderwyser aangeteken vir die doel van progressie en sertifisering. Die SGA-komponent is verpligtend vir alle leerders. Leerders wat nie aan die vereistes soos in die beleid uiteengesit kan voldoen nie, sal nie in aanmerking kan kom om vir die vak in te skryf vir die finale eksamen in die vak nie.

Die formele assesseringstake voorsien jou van 'n sistematiese manier om te evalueer hoe goed leerders vorder. Die boekie bevat inligting oor hoe om navorsingstake en brongebaseerde take te onderneem en opstelvrae te beantwoord. Formele assesseringstake vorm deel van 'n jaarlange formele program van assessering. Hierdie take moet nie ligtelik opgeneem word nie, en leerders moet aangemoedig word om hulle heel beste pogings in te dien vir finale assessering.

Daar word van onderwysers verwag om seker te maak dat assesseringstake relevant en geskik is vir die konteks waarin leerders onderrig word. Alle SGA-take moet egter in oorstemming wees met die vereistes wat in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)-dokument vervat is.

Hierdie publikasie bestaan uit vier take wat die vereistes van die graad 12-Geskiedenis-kurrikulum hanteer. Daar word verwag dat hierdie take as 'n waardevolle bron sal dien vir:

- Geskiedenisonderwysers, deur die voorsiening van voorbeelde van die soorte en standaarde van skoolgebaseerde assesseringstake wat vir hulle leerders geskik sal wees;
- Graad 12-Geskiedenisleerders, deur materiaal te verskaf wat hulle met hulle voorbereiding vir die Nasionale Seniorsertifikaateksamen in Geskiedenis sal help.

## 2. DOELSTELLINGS EN DOELWITTE VAN SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING

- Skoolgebaseerde assessering dien as 'n meer gebalanseerde en betroubare assesseringstelsel omdat dit 'n groter reeks van diverse assesseringstake insluit as wat in eksterne eksamens moontlik is.
- Die voorbeeldtake is daarop gerig om die diepte van die kurrikuluminhoud wat vir Graad 12 geskik is, te weerspieël.
- Dit reflekteer die gewenste gewigswaarde van die denkvlakke in terme van Bloom se hersiene taksonomie: onthou, verstaan, toepas, ontleed, evalueer en skep.
- Skoolgebaseerde assessering verbeter die geldigheid van assessering deur aspekte in te sluit wat nie in formele eksameninstellings geassesseer kan word nie.
- Dit verbeter die betroubaarheid van assessering omdat beoordeling gebaseer word op baie waarnemings van die student oor 'n uitgebreide tydperk.
- Dit het 'n voordelige effek op onderrig en leer, nie slegs in verhouding tot die kritiese ontleding en evaluering van Geskiedenis-inligting en kreatiewe probleemoplossing nie, maar ook op onderrig- en assesseringspraktyke.
- Dit bemagtig onderwysers om deel te word van die assesseringsproses en verhoog samewerking en die deel van kundigheid in en tussen skole.
- Dit het 'n professionele ontwikkelingsfunksie wat onderwysers se vaardighede in assesseringspraktyke opbou wat dan oorgedra kan word na ander areas van die kurrikulum.
- Die take fokus op die voorgeskrewe inhoud soos bevat in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV), met ingang van 2014.

ÉcoleBooks

Die kenmerkende eienskappe van SGA (en die sterk punte daarvan as een relatief klein komponent van 'n samehangende assesseringstelsel) het implikasies vir die ontwerp en implementering daarvan, veral die aard van die assesseringstake en die rol van die onderwysers se standaardiseringsprosedures. Hierdie implikasies word soos volg opgesom:

- Die assesseringsproses moet gekoppel word aan en 'n logiese uitkoms wees van die normale onderrigprogram, omdat onderrig, leer en assessering aanvullende dele van die hele opvoedkundige ondervinding moet wees (d.i. die SGA-komponent is nie 'n afsonderlike eenmalige aktiwiteit wat op die rooster ingevul kan word of voorberei word asof dit 'n afsonderlike element van die kurrikulum is nie).
- Die assesseringsproses behoort 'n ryker prentjie te verskaf van wat leerders kan doen as dit wat die eksterne eksamen gee, deur meer monsters oor 'n langer tydperk te neem, en deur nader aan lewensgetroue en lae-stres omstandighede te beweeg (d.i. die SGA-komponent is nie 'n eenmalige aktiwiteit onder pseudo-eksamentoestande deur onbekende assessore nie).
- Die formatiewe/summatiewe onderskeid bestaan in SGA, maar is baie minder rigied en vas as in 'n toetskultuur, d.i. leerders moet konstruktiewe terugvoering ontvang en het geleenthede om vrae te vra oor spesifieke aspekte van hulle vordering na elke beplande SGA-assesseringsaktiwiteit, wat beide Geskiedenisvaardighede verskerp en help om leerders vir die finale eksterne


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

eksamen voor te berei (d.i. die SGA-komponent is nie 'n suiwer summatiewe assessering nie).
- Om suksesvol te wees, moet die SGA-proses hoogs gekontekstualiseer, dialogies en sensitief vir leerders se behoeftes wees; d.i. die SGA-komponent is nie identies aan 'n eksterne eksamen nie, en moet ook nie so hanteer word nie. In 'n eksterne eksamen is tekste, take en taaktoestande heeltemal gestandaardiseer en alle kontekstuele veranderlikes word beheer. Om die SGA so te probeer hanteer, sal die hele rasionaal agter die SGA negeer. Skole en onderwysers moet derhalwe 'n sekere mate van vertroue en outonomie in die ontwerp, implementering en spesifieke tydsberekening van die assesseringstake gegun word. Alles moet egter gedoen word om aan die Program van Assessering soos in die KABV vervat, te voldoen.

Onderwysers moet seker maak dat leerders die assesseringskriteria en hulle relevansie vir self- en eweknie-assessering verstaan. Onderwysers moet ook hierdie kriteria vir informele assessering en onderrigredes gebruik het voordat hulle enige formele assessering doen, sodat hulle gemaklik en bekend is met die kriteria en die assesseringsproses.

Die projek verskaf voorbeeldtake wat daarop gerig is om:
- Die diepte van die Geskiedenis kurrikuluminhoud wat geskik is vir graad 12 te reflekteer
- Die gewenste kognitiewe eise volgens Bloom se hersiene taksonomie te reflekteer: onthou, verstaan, toepas, ontleed, evalueer en skep
- Vrae en sub-vrae te bevat wat die geskikte mate van uitdaging reflekteer: maklik, gemiddeld en moeilik;
- Te fokus op die inhoud van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) wat in 2013 van toepassing is en blootstelling aan sekere aspekte van die nuwe inhoud van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleid (KABV) met ingang van 2014, te bevat.

## 3. ASSESSERINGSTAKE SOOS UITEENGESIT IN DIE KABV

Die finale graad 12-punt word bereken uit die Nasionale Seniorsertifikaat-eksamen (NSS) wat leerders skryf (uit 300 punte) en skoolgebaseerde assessering (uit 100 punte). Die kurrikulumbeleidsdokument bepaal SEWE formele take wat skoolgebaseerde assessering in Geskiedenis uitmaak.

## 4. PROGRAM VAN ASSESSERING EN GEWIGSWAARDE VAN TAKE

| Kwartaal 1 | Kwartaal 2 | Kwartaal 3 | Kwartaal 4 |
|---|---|---|---|
| **3 take** | **2 take** | **2 take** | |
| • Brongebaseerde taak (of opstel; leerders moet een van elk doen)<br>• Navorsingstaak (kan ook in die tweede kwartaal gedoen word)<br>• Gestandaardiseerde toets wat 'n brongebaseerde afdeling en 'n opstel insluit. (Verkieslik moet albei afdelings terselfdertyd getoets word.) | • Opsteltaak (of bron-gebaseerde taak; leerders moet een van elk doen).<br>• Halfjaareksamen (2 vraestelle van 2½ uur elk) (2 onderwerpe van elke vraestel moet teen Junie gedek wees; vier vrae moet in elke vraestel gestel word: 2 opstelle en 2 brongebaseerde vrae; leerders moet 2 vrae beantwoord, 1 opstel en 1 bron-gebaseerde vraag in elke vraestel. | • Gestandaardiseer-de toets, wat 'n brongebaseerde afdeling en 'n opstel insluit (verkieslik moet albei afdelings gelyktydig getoets word).<br>• September-eksamen (2 vraestelle). | • Finale eksterne eksamen |
| **25% van totale jaarpunt = 100 punte** | | | **75% van totale jaarpunt = 300 punte** |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

## 5. GEHALTEVERSEKERINGSPROSES WAT GEVOLG IS

Om te verseker dat daar aan die vereistes van SGA in Geskiedenis voldoen word, word 'n voorbeeld van hoe om navorsing te onderneem hieronder verskaf.

**Inleiding**
Die navorsingswerkopdrag in graad 12 dra 20% van die totale skoolgebaseerde assessering (SGA) by. Dit is dus noodsaaklik dat dit 'n betekenisvolle stuk werk moet wees. Hierdie werkopdrag bied aan leerders die geleentheid om hulle vaardighede, kennis en begrip van Geskiedenis wat hulle tydens die VOO-fase opgedoen het, te demonstreer.

Die navorsingswerkopdrag kan oor enige deel van die graad 12-kurrikulum geskryf word. Daar is egter twee afdelings van die kurrikulum wat nie formeel in die finale graad 12-eksamen geëksamineer word nie. Dit is:

- 'n Oorsig van burgerlike protesoptrede
- Onthou die verlede: Gedenktekens.

Daar word aanbeveel dat een van hierdie onderwerpe as 'n navorsingsprojek ondersoek word.

**Punte wat oorweeg moet word wanneer 'n navorsingswerkopdrag beplan word:**

- Die keuse van 'n navorsingsonderwerp moet die konteks van jou skool en die beskikbare bronne waartoe leerlinge toegang het in ag neem.
- Hierdie werkopdrag gee aan leerders 'n geleentheid om met 'n proses van historiese ondersoek te begin. Die uitvoer van oorspronklike navorsing verg die versameling, organisering en evaluering van inligting, en die konstruksie van kennis.
- Duidelike, geskrewe instruksies met vervaldatums en die assesseringskriteria moet aan die begin van die skooljaar aan leerders gegee word om voldoende tyd vir die voorbereiding en die afhandeling van die werkopdrag toe te laat.
- Die vordering van leerders met betrekking tot die navorsingswerkopdrag moet op 'n deurlopende basis gemoniteer word.
- Dit is noodsaaklik dat leerders oorspronklike werk moet indien. Om die moontlikheid van plagiaat te beperk, moet die sleutelvraag of navorsingsonderwerp elke jaar verander word.

**Daar word van leerders verwag om die volgende vereistes na te kom in hulle navorsingswerkopdrag:**

- Ontleed en beantwoord die sleutelvraag.
- Identifiseer 'n verskeidenheid geskikte bronmateriaal om te help om die sleutelvraag te beantwoord.
- Selekteer toepaslike voorbeelde uit die bronmateriaal wat gebruik kan word om die argument te staaf.

- Organiseer die toepaslike inligting om 'n samehangende en logiese antwoord op die sleutelvraag te skryf.
- Skryf 'n oorspronklike stuk werk, met gebruik van jou eie woorde.
- Kontekstualiseer alle bronne korrek, met inbegrip van illustrasies en kaarte wat ingesluit is.
- Besin oor die proses van navorsing en oorweeg wat geleer is.
- Sluit 'n bibliografie in van al die bronne wat tydens die navorsing raadgepleeg is en skryf van die werkopdrag.

**Voorstelle vir wat met die navorsingswerkopdragte gedoen kan word wanneer dit voltooi is:**

- Die navorsingsopdragte kan by die skool, gemeenskapsaal of plaaslike biblioteek uitgestal word. Dit is baie belangrik dat die leerders se werk uitgestal word. Dit gee leerders 'n doelwit om na te streef, en wys hulle dat hulle idees en harde werk van waarde is vir hulle skool en gemeenskap.
- Leerders kan 'n mondelinge aanbieding van hulle navorsingsprojekte vir die klas, graad, skool of plaaslike gemeenskap doen. Dit gee leerders die geleentheid om oor hulle navorsing te praat en hulle 'nuutgevonde' kennis te deel.
- Organiseer 'n klasdebat oor die sleutelvraag.
- Hou 'n Geskiedenisaand waartydens leerders 'n geleentheid gegee word om hulle werk vir vriende, familie en lede van die gemeenskap aan te bied. Dit is verder 'n ideale platform om die werk van die skool se Geskiedenisdepartement uit te stal in 'n poging om die vak Geskiedenis op VOO-vlak te bevorder.

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**TABEL WAT WYS HOE OM NAVORSING TE STRUKTUREER EN UIT TE VOER**

**SLEUTELVRAAG:** **Hoe was die rol wat vroue in die stryd teen apartheid gespeel het anders as die rol wat deur mans gespeel is?**

| STRUKTUUR VAN 'N NAVORSINGS-WERKOPDRAG | VOORSTELLE OOR HOE OM NAVORSING UIT TE VOER |
|---|---|
| **Wenk 1:**<br>**Voordat jy met jou navorsing begin** | ✓ Ontleed die sleutelvraag en maak seker dat jy volledig verstaan wat gevra word.<br>✓ In hierdie geval moet jy besluit of vroue wel 'n **verskillende** rol gespeel het as mans in die stryd teen apartheid, of nie.<br>✓ Dit is aanvaarbaar om te argumenteer dat in sommige gevalle vroue 'n ander rol as mans gespeel het in die stryd teen apartheid, terwyl in ander gevalle hulle soortgelyke rolle gespeel het. |
| **Voorblad** | ✓ Gebruik die 'Voorblad vir 'n Navorsingswerkopdrag' en 'Moniteringslys'. [Aanhangsel A, bl. 9 en Aanhangsel B, bl. 10] |
| **Inleiding**<br>(Skryf ongeveer ½–-1 bladsy) | ✓ Verduidelik die benadering wat in jou navorsingswerkopdrag gevolg word.<br>✓ Dui op die lyn van die argument wat geneem word om die sleutelvraag te beantwoord. |
| **Agtergrond**<br>(Skryf ongeveer 1–2 bladsye) | ✓ Verduidelik die historiese konteks van die vraag.<br>✓ Gee agtergrondinligting oor die beleid van apartheid, en hoe dit tot in die 1980's geïmplementeer is.<br>✓ Gebruik die inligting uit jou graad 11- en graad 12-handboeke om jou te help met die skryf van hierdie gedeelte van die werkopdrag. |
| **Wenk 2:**<br>**Gedurende die navorsingsproses** | ✓ Maak seker dat jy 'n plan het sodat jy jou tyd effektief benut om aan jou spertye te voldoen.<br>✓ Verwys na die lys van bronne wat gebruik kan word. [Aanhangsel C, bl. 11]<br>✓ Hou die sleutelvraag ten alle tye in gedagte. Bly jouself afvra of die inligting wat jy versamel relevant tot die vraag is.<br>✓ Gebruik die meester/patroon om jou te help om die neerskryf van jou notas te struktureer. [Aanhangsel D, bl.14] |

| | |
|---|---|
| **Liggaam van die opstel**<br>(Skryf ongeveer 2–3 bladsye) | ✓ In hierdie afdeling moet jy jou argument aanbied en motiveer.<br>✓ Soek bewyse in jou leeswerk wat gebruik kan word om jou argument te motiveer wanneer jy die sleutelvraag beantwoord.<br>✓ Onthou dat die stryd teen apartheid verskillende vorms aangeneem het. Jy kan byvoorbeeld die rol wat vroue gespeel het in enige van die volgende bespreek:<br>- *Polities*: Jy kan vroue se lidmaatskap aan politieke organisasies (bv. ANC Vroueliga of die Black Sash) bespreek, en hulle betrokkenheid by veldtogte wat probeer het om 'n einde aan apartheid te maak (bv. 1956 Vroue se antipasveldtog). Jy kan die impak wat apartheidsbeleid, soos die Groepsgebiedewet, op vroue gehad het, ondersoek (bv. Vroue wat met geweld uit Crossroads in Kaapstad verwyder is en na die Transkei en Ciskei geneem is).<br>- *Ekonomies*: Jy kan die werk bespreek wat vroue gedoen het, en hoe hulle geleenthede beperk was onder apartheid (bv. Vroue se ondervindings as huishulpe, die rol wat vroue in die vakbondbeweging gespeel het; of die swaarkry en armoede wat vroue in die Bantoestans ondervind het.) |
| **Gevolgtrekking**<br>(Skryf ongeveer ½–1 bladsy) | ✓ In hierdie paragraaf moet die deurlopende argument wat in die liggaam van jou navorsingswerkopdrag ontwikkel is, opgesom word. |
| **Besinning**<br>(skryf ongeveer ½–1 bladsy) | ✓ In hierdie afdeling moet jy bespreek wat jy uit hierdie navorsingswerkopdrag geleer het.<br>✓ Verduidelik watter insigte, vaardighede en kennis jy bekom het terwyl jy hierdie navorsing gedoen het. |
| **Bibliografie** | ✓ Noem AL die hulpbronne wat jy tydens die voorbereiding van jou navorsingswerkopdrag gebruik het.<br>✓ 'n Voorbeeld van hoe om 'n bibliografie in die regte formaat op te stel is ingesluit. [Aanhangsel E, bl. 15]. |
| <u>**Wenk 3**</u>:<br>**Voordat jy jou navorsingswerkopdrag indien** | ✓ Kyk dat jy aan die volgende vereistes voldoen het:<br>○ Voorblad<br>○ Inleiding<br>○ Agtergrond<br>○ Bewyse<br>○ Gevolgtrekking<br>○ Besinning<br>○ Bibliografie<br>✓ Proeflees jou werk deeglik om te kyk na samehangendheid, spelling en taalfoute. |

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

# VOORGESTELDE RUBRIEK OM 'N NAVORSINGSWERKOPDRAG TE ASSESSEER
# TOTALE PUNTE: 100

| KRITERIA | VLAKBESKRYWINGS | | | |
|---|---|---|---|---|
| | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1 |
| **Kriterium 1**<br><br>**Beplanning (10 punte)** | **8 – 10**<br>Toon **deeglike/ uitstekende** begrip van beplanning (duidelike navorsingskedule verskaf). | **5 – 7**<br>Toon **voldoende** begrip van beplanning. | **3 – 4**<br>Toon **'n bietjie** bewys van beplanning. | **0 – 2**<br>Toon **min of geen** bewyse van beplanning. |
| **Kriterium 2**<br><br>**Identifiseer en benut 'n verskeidenheid bronne van inligting (20 punte)** | **16 – 20**<br>Toon **deeglike/ uitstekende** begrip van die identifisering en benutting van bronne van inligting. | **10 – 15**<br>Toon **voldoende** begrip van die identifisering en benutting van bronne van inligting. | **5 – 9**<br>Toon **'n bietjie** begrip van die identifisering en benutting van bronne van inligting. | **0 – 4**<br>Toon **min of geen** begrip van die identifisering en benutting van bronne van inligting. |
| **Kriterium 3**<br><br>**Kennis en begrip van die periode (10 punte)** | **8 – 10**<br>Toon **deeglike/ uitstekende** kennis en begrip van die periode. | **5 – 7**<br>Toon **voldoende** kennis en begrip van die periode. | **3 – 4**<br>Toon **'n bietjie** kennis en begrip van die periode. | **0 – 2**<br>Toon **min of geen** kennis en begrip van die periode. |
| **Kriterium 4**<br><br>**Historiese navraag, interpretasie & kommunikasie (Opstel) (30 punte)** | **24 – 30**<br>Toon **deeglike/ uitstekende** begrip van hoe om 'n samehangende argument te skryf uit die bewyse wat versamel is. | **14 – 23**<br>Toon **voldoende** begrip van hoe om 'n samehangende argument te skryf uit die bewyse wat versamel is. | **7 – 13**<br>Toon **'n bietjie** begrip van hoe om 'n samehangende argument te skryf uit die bewyse wat versamel is. | **0 – 6**<br>Toon **min of geen** begrip van hoe om 'n samehangende argument te skryf uit die bewyse wat versamel is. |
| **Kriterium 5**<br><br>**Aanbieding (10 punte)** | **8 – 10**<br>Toon **deeglike/ uitstekende** bewys van hoe om nagevorsde inligting op 'n gestruktureerde manier aan te bied (bv. Voorblad, inhoudsopgawe, navorsingsonderwerp). | **5 – 7**<br>Toon **voldoende** bewys van hoe om nagevorsde inligting op 'n gestruktureerde manier aan te bied (bv. Voorblad, inhoudsopgawe, navorsingsonderwerp) . | **3 – 4**<br>Toon **'n bietjie** bewys van hoe om nagevorsde inligting op 'n gestruktureerde manier aan te bied (bv. Voorblad, inhoudsopgawe, navorsingsonderwerp). | **0 – 2**<br>Toon **min of geen** bewys van hoe om nagevorsde inligting op 'n gestruktureerde manier aan te bied (bv. Voorblad, inhoudsopgawe, navorsingsonderwerp). |
| **Kriterium 6**<br><br>**Evaluering & besinning (10 punte)** | **8 – 10**<br>Toon **deeglike/ uitstekende** begrip van evaluering en besinning oor die navorsings-werkopdrag-proses (bv. Wat die kandidaat geleer het uit die onderneem van die navorsing). | **5 – 7**<br>Toon **voldoende** begrip van evaluering en besinning oor die navorsingswerkopdrag -proses (bv. Wat die kandidaat geleer het uit die onderneem van die navorsing). | **3 – 4**<br>Toon **'n bietjie** begrip van evaluering en besinning oor die navorsingswerkopdrag-proses (bv. Wat die kandidaat geleer het uit die onderneem van die navorsing). | **0 – 2**<br>Toon **min of geen** begrip van evaluering en besinning oor die navorsingswerkopdrag -proses (bv. Wat die kandidaat geleer het uit die onderneem van die navorsing). |
| **Kriterium 7**<br><br>**Erkenning van bronne**<br><br>**(10 punte)** | **8 – 10**<br>Toon **deeglike/ uitstekende** begrip van die erkenning van bronne (bv. Voetnotas, verwysings, plagiaat). | **5 – 7**<br>Toon **voldoende** begrip van die erkenning van bronne (bv. Voetnotas, verwysings, plagiaat). | **3 – 4**<br>Toon **'n bietjie** begrip van die erkenning van bronne (bv. Voetnotas, verwysings, plagiaat). | **0 – 2**<br>Toon **min of geen** begrip van die erkenning van bronne (bv. Voetnotas, verwysings, plagiaat). |

**AANHANGSEL A: VOORBEELD VAN 'N VOORBLAD VIR 'N NAVORSINGS-WERKOPDRAG:**

| GRAAD 12-NAVORSINGSWERKOPDRAG: GESKIEDENIS | |
|---|---|
| **NAAM VAN SKOOL** | |
| **NAAM VAN LEERDER** | |
| **ONDERWERP** | |
| **NAVORSINGSONDERWERP** | |
| **SLEUTELVRAAG** | |

EcoleBooks

**VERKLARING VAN EGTHEID:**

**Ek verklaar hiermee dat ALLE skryfwerk wat in hierdie navorsingswerkopdrag voorkom, my eie oorspronklike werk is, en dat waar ek enige bronne gebruik het, ek dit dienooreenkomstig erken het.**

**LEERDER SE HANDTEKENING:** ______________________________________

**DATUM:** ____________________________________________________

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**AANHANGSEL B: 'N VOORBEELD VAN 'N MONITERINGSLYS**

| DATUM | AKTIWITEIT | OPMERKING |
|---|---|---|
| **Januarie** | Aanvang | Leerders word die instruksies, riglyne en sleutelvraag vir die navorsingswerksopdrag gegee. |
| **Maart** | **1ste KONSEP:** Leerders moet bewys dat hulle die onderwerp ontleed het en die fokus van die sleutelvraag verstaan het. 'n Voorlopige bibliografie moet voorgelê word. | |
| **April** | **2de KONSEP:** Leerders moet bewys dat hulle hul navorsingswerkopdrag beplan het. Navorsingsaantekeninge uit die bronne geraadpleeg, moet beskikbaar wees. 'n Oorsig van die hoofargument moet voorgelê word. | |
| **Mei** | Finale kopie moet ingedien word | |
| **Julie** | Terugvoering | |

ÉcoleBooks

**Onderwyser se naam:**________________________

**Onderwyser se handtekening:**_________________

**Leerder se handtekening:**_____________________

**SKOOLSTEMPEL**

## AANHANGSEL C: LYS VAN VOORGESTELDE BRONNE MET 'N OORSIG (IN SKUINSDRUK)

### BOEKE:

Berger, I., *Threads of solidarity. Women in South African industry,* (Indiana University Press, 1991).
*Hierdie boek verskaf besonderhede van vroue se veranderende plek in formele en tydelike werk. Dit ondersoek die verhouding tussen vroue oor kleurlyne heen as werkers en lede van vakbonde.*

Bernstein, H., *For their triumphs and for their tears. Women in Apartheid South Africa.* (IDAF, 1985).
*Hierdie boekie gee heelwat nuttige inligting oor hoe vroue gelewe, gewerk, gestry en oorleef het in apartheid-Suid-Afrika.*

Bozzoli, B. met Nkotsoe, M., *Women of Phokeng* (Ravan Press, 1991).
*Hierdie boek volg die lewensgeskiedenis en ervarings van 22 swart vroue van die klein dorpie van Phokeng.*

Cock, J., *Colonels and cadres. War and gender in South Africa, (*OUP, 1991).
*Hierdie boek bevat onderhoude met vroue wat in beide die SAW en MK gedien het, en ontleed hulle ondervindings.*

Cock, J., *Maids and madams. A study in the politics of exploitation,* (Ravan Press, 1989).
*'n Ondersoek na die ondervindings van vrouehuishulpe gedurende apartheid.*

Du Preez Bezdrob, A.M. *Winnie Mandela: a life.* (Paarl: Paarl Printers, 2003).

Gordon, S., *A talent for tomorrow. Life stories of South African servants* (Ravan Press, 1985).
*Die boek bevat die lewensverhale van 23 mense, waarvan die meeste vroue was, wat tydens apartheid as huiswerkers gewerk het.*

Human, M.; Mutloatse, M. & Masiza, J. *The Women's Freedom March of 1956.* (Pan McMillan Pty Ltd, 2006).

Luthuli, A., *Let my people go, The autobiography of Albert Luthuli.* (Paarl Printers, 2006).

Mashinini, E., S*trikes have followed me all my life* (The Women's Press, 1989).
*Die outobiografie van Emma Mashinini wat sekretaris was van een van Suid-Afrika se grootste swart vakbonde, die CCAWUSA (die Winkel- en Verspreidingswerkers-unie).*

Naidoo, P., *Footprints in Grey Street.* (Ocean Jetty Publishing, 2002).

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Platzky, L. & Walker, C. *The surplus people. Forced removal in South Africa* (Ravan Press, 1985).
*Die skepping van rasverdeelde gebiede was die hoeksteen van die apartheidsbeleid. Die meeste mense wat met geweld verskuif is om hierdie kunsmatige apartheid te skep, was vroue en kinders. Hierdie boek dokumenteer hulle ondervindings en hulle stryd om te oorleef.*

Vahed, G. & Waetjen,T., *Gender modernity and Indian delights. The Women's Cultural Group of Durban 1954-2010* (HSRC, 2010).
*Deels sosiale geskiedenis, deels biografie, toon hierdie boek hoe die vroue in die Durban Cultural Group 'n identiteit vir hulself geskep het in die konteks van apartheid.*

Walker, C., *Women and gender in Southern Africa to 1945.* (New Africa Books, 1990).
*Gee waardevolle agtergrondinligting oor die ervarings van vroue in Suid-Afrika. Dit dek die tafel vir 'n bespreking van die 1950's–1970's.*

Walker, C., *Women and resistance in South Africa*. (Onyx Press, 1991).
*Hierdie bly die mees gedetailleerde historiese verslag van vroue se weerstand gedurende apartheid. Walker het hoofstukke oor die Federasie van Suid-Afrikaanse vroue, Antipasprotesoptrede, die Women's Charter van 1954, onder andere.*

South African History Online, '*For freedom and equality', celebrating women in South African history* (DBE, geen datum).
*Hierdie boekie bevat inligting oor vroue se betrokkenheid in die bevrydingstryd. Daar is 'n aantal biografiese profiele van groot Suid-Afrikaanse vroue.* Dit kan afgelaai word van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis aanlyn-webtuiste by: http://www.sahistory.org.za/aids-resources/freedom-and-equality-celebrating-women-south-african-history-booklet.

*Malibongwe Igama Lamakhosikama. Praise be to Women. Remembering the role of women in South Africa through dialogue* (Nelson Mandela Foundation, 2007).
*Die teks in hierdie boekie is die geredigeerde weergawe van die Malibingwe-Dialoog wat plaasgevind het op 30 Mei 2007 by die Nelson Mandela Stigting.*
Dit kan afgelaai word van die volgende webtuiste:
http://www.nelsonmandela.org/uploads/files/Malibongwe_WEB.pdf

**WEBTUISTES:**

www.blacksash.org.za
Volle digitale teks van die Black Sash-publikasie, *Sash,* is beskikbaar van 1960-1990.

http://www.sahistory.org.za/topic/womens-struggle-1900-1994
Suid-Afrikaanse Geskiedenis Aanlyn. Hierdie webtuiste het 'n wye reeks van inligting aangaande vroue se stryd in Suid-Afrika 1900-1994.

http://www.anc.org.za/themes.php?t=Women`s%20Struggles
Hierdie webtuiste, deur die ANC in stand gehou, het dokumente met betrekking tot vroue in die bevrydingstryd.

**MONDELINGE ONDERHOUDE**

Daar is 'n gesegde in Mosambiek, dat 'Ons ou mense ons biblioteke is'. Indien jy woon in 'n gebied waar dit moeilik is om toegang tot die Internet te verkry, of daar nie 'n plaaslike biblioteek is nie, onthou dan dat die mense wat in jou gemeenskap woon 'n magdom inligting in hulle geheues is. Jy kan dit ook oorweeg om onderhoude te voer met vroue en mans in jou gemeenskap, en hulle stories op te teken as bewyse om jou sleutelvraag te beantwoord.

ÉcoleBooks

 DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM 

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

## AANHANGSEL D: VOORBEELD VAN 'N MEESTER VIR DIE NEEM VAN AANTEKENINGE GEDURENDE NAVORSING

| VOLLE VERWYSING VAN BRON | BEWYSE (Dit kan gebruik word om jou argument te ondersteun) |
|---|---|
| Bv.:<br>South African History Online, *For freedom and equality, celebrating women in South African history* (DBE, geen datum).<br>http://www.sahistory.org.za/aids-resources/freedom-and-equality-celebrating-women-south-african-history-booklet | 'Gedurende die 1980's is honderde duisende swart vroue gedwing om te verskuif, en is sonder heenkome afgelaai in landelike areas wat Bantoestans of tuislande genoem is. Hierdie gedwonge verskuiwings het hoofsaaklik vroue geaffekteer.' (bl. 23)<br>Hierdie uittreksel kan gebruik word as bewys dat vroue se rol in die stryd teen apartheid verskil het van die rolle van mans.<br>'Emma Mashinini, 'n aktiewe vakbondleier in die 1940's, was 'n dryfkrag om die verskillende vakbonde onder COSATU te verenig.' (bl. 21) Hierdie bewyse kan gebruik word om te toon dat die rol van vroue soortgelyk was aan die rol van mans in die stryd teen apartheid, omdat beide mans en vroue betrokke was by die Vakbondbeweging. |
| | |
| | |
| | |

## AANHANGSEL E: RIGLYNE OM 'N BIBLIOGRAFIE TE SKRYF

- **Vir 'n boek:**
  Outeur (van, voorletters). *Titel van boek* (Uitgewers, Datum van publikasie).

  Voorbeeld:
  Dahl, R. *The BFG*. (Farrar, Straus & Giroux, 1982).

- **Vir 'n ensiklopedie:**
  *Titel van ensiklopedie,* Datum van uitgawe. Volume Nommer, 'Titel van artikel', bladsynommers.

  Voorbeeld:
  *Encyclopaedia Britannica*. 1997. Volume 7, 'Gorillas', pp 50-51.

- **Vir 'n tydskrif:**
  Outeur (van eerste), 'Titel van artikel'. *Naam van tydskrif.* Volume nommer, (Datum): bladsynommers.

  Voorbeeld:
  Jordan, Jennifer, 'Filming at the top of the World'. *Museum of Science Magazine*. Volume 47, No 1, (Winter 1998): bl. 11.

- **Vir 'n koerant:**
  Outeur (van eerste), 'Titel van artikel'. *Naam van koerant.* Stad, staat van publikasie. (Datum): uitgawe indien beskikbaar, seksie, bladsynommer(s).

  Voorbeeld:
  Powers, Ann, 'New Tune for the Material Girl'. *The New York Times*. New York, NY. (3/1/98): Atlantic Streek, Seksie 2, bl. 34.

- **Vir 'n persoon:**
  Volle naam (van eerste). Beroep, datum van onderhoud.
  Voorbeeld:

  Smeckleburg, Sweets. Busbestuurder. 1 April 1996.

- **Vir 'n film:**
  *Titel*, Regisseur, Verspreider, Jaar.

  Voorbeeld:
  *Braveheart*, Regisseur Mel Gibson, Icon Productions, 1995.

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

## 6. ASSESSERINGSTAKE: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1

### WAAROM HET SUID-AFRIKA IN DIE 1980's BY DIE BURGEROORLOG IN ANGOLA BETROKKE GERAAK?

### BRON 1A

Die volgende uittreksel is deur Joseph Hanlon, 'n joernalis, in die middel-1980's geskryf. Dit beskryf waarom Suid-Afrika by die Angolese burgeroorlog betrokke geraak het, en uiteindelik besluit het om terug te trek.

Suid-Afrika se aggressie teen Angola is op 'n groter skaal as teen enige ander land in suidelike Afrika. Dit het nie net die effektiefste opposisiebeweging in die streek herbou en ondersteun nie, die Nasionale Unie vir die Algehele Onafhanklikheid van Angola (UNITA) nie, maar Angola is ook die enigste land waar die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) besig is om 'n konvensionele oorlog te voer … Ekonomiese aanlegte is spesiale teikens vir beide UNITA en die SAW. Olie is Angola se belangrikste bron van inkomste, dus is olie-aanlegte herhaaldelik aangeval. Die Benguela-spoorlyn wat Zambië bedien, is sedert 1980 afgesny; plaaslike hawe- en spoorwegaanlegte is dikwels aangeval. Damme, brûe, kragdrade, die ysterertsmyne, fabrieke, ensovoorts, is almal getref … Die Angolese ekonomie is dus verpletter deur 'n dekade van oorlog …

Angola is ongetwyfeld 'n bedreiging vir apartheid. Dit is polities gevaarlik omdat dit veelrassig en Marxisties is; indien Angola toegelaat sou word om sukses te behaal, sou dit die ideologiese fondasies van apartheidskapitalisme in Suid-Afrika vernietig. Dit is ook 'n bedreiging vir veiligheid. Angola laat openlik ANC-opleidingskampe toe. En Angola grens aan die kontinent se laaste oorblywende kolonie, Namibië, en ondersteun die South West African People's Organisation (SWAPO) bevrydingsbeweging …

Die Suid-Afrikaners het begin om voorrade vir UNITA te stuur, en opleidingskampe vir UNITA op te rig. Uiteindelik, op 16 Oktober 1975, het die Suid-Afrikaanse Weermag Angola ingeval … Teen 15 November was die Suid-Afrikaanse weermag 700 km noord en slegs 200 km van die hoofstad af … In Desember het nog twee Suid-Afrikaanse gepantserde kolomme Angola binnegeval … Waar die Suid-Afrikaanse magte ookal 'n dorp verower het, het UNITA inbeweeg om plaaslike administrasie in te stel.

… Onder hierdie omstandighede het die MPLA die Oosblok om hulp gevra. Kuba en die Sowjetunie was nie bereid om toe te laat dat die VSA en Suid-Afrika die MPLA oorwin nie, en hulle het ondersteuning gedurende Januarie en Februarie (1976) laat invloei.

[Uit: *Beggar Your Neighbours: Apartheid Power in Southern Africa* deur J Hanlon]

**BRON 1B**

Die volgende is 'n spotprent deur die Britse spotprenttekenaar, Leslie Gilbert. Dit beeld die Sowjetunie as Kersvader op sy slee uit, wat geskenke in die vorm van wapens wat in die burgeroorlog teen UNITA en die FNLA gebruik is, aan die MPLA uitdeel. Die spotprent het die titel 'Slay Bells'. 'Slay' beteken om dood te maak.




[Internetwebtuiste: http://www.cartoons.ac.uk/search/cartoon_item/angola. Uit die Britse Spotprentargief, 13 Mei 2013.]

**'n GESKENK AAN ANGOLA**

 DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM 

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**BRON 1C**

Hierdie is deel van 'n onderhoud wat op 13 Februarie 1976 met die voormalige Suid-Afrikaanse Eerste Minister, BJ Vorster, deur Clarence Rhodes van UPITN-TV (United Press International Television News) gevoer is.

**Rhodes:** President Kaunda van Zambië het die Sowjet en Kubaanse ingryping in Angola beskryf. Ek dink die aanhaling is ' 'n plunderende (stelende) tier en sy dodelike welpie'. … Sou u sê dat dit dan 'n groter gevaar inhou as die opkoms van nog 'n onafhanklike swart Afrika-nasie op die grense van Suid-Afrika?

**Eerste Minister Vorster**: Ja, want hier het jy nie 'n onafhanklike swart Afrikaland wat op Suid-Afrika se grense tot stand kom nie. Jy het 'n Kubaanse mag van duisende – op hierdie stadium beraam op tussen 10 en 13 duisend – wat deelneem aan 'n burgeroorlog in Suidelike Afrika, en as dit die einde daarvan was, kon mens maar jou skouers ophaal en sê goed, hulle sal more weer teruggaan. Maar soos ons die kommuniste ken, en die Kubane ken, is daar niemand wat op hierdie stadium vir jou kan sê dat hulle huis toe gaan as hulle eers die MPLA in die saal gesit het nie. Ek dink daar moet aanvaar word dat hulle hier is om te bly, en ek dink daar moet aanvaar word dat sover as wat hulle Anglo ondermyn (gedestabiliseer) het, of ten minste, so ver as wat hulle probeer om Angola te ondermyn [deur kommunisme te versprei] sal hulle probeer om ander Suider-Afrika lande te ondermyn.

Want, maak geen fout nie … wêreldoorheersing was nog altyd en is nog tot vandag toe, die doelwit van die kommuniste. En ek is een van die wat glo … dat hulle besig is om vir daardie konvensionele oorlog voor te berei. Kyk maar na hulle konvensionele wapentuig in vergelyking met dit van die vrye wêreld, van die Westerse lande … indien hulle die suidelike punt van Afrika kan beheer, het hulle 'n geweldige voorsprong in enige konvensionele oorlog; afgesien van die grondstowwe wat hulle van Angola en ander Suid-Afrikaanse lande kan kry, sal hulle die seeroete om die Kaap beheer, wat die lewenslyn van Europa is.

[Internetwebtuiste: http://www.sahistory.org.za/archive/interview-south-african-prime-minister-mr-b-j-vorster-mr-clarence-rhodes-upitn-tv-13-february. Toegang op 13 Mei 2013

**BRON 1D**

Die volgende is 'n transkripsie van 'n nuusberig wat op 10 Augustus 1982 deur die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) uitgesaai is.

Goeienaand. Nog 113 SWAPO-terroriste het gesneuwel in voortgesette Veiligheidsmagbedrywighede wat op SWAPO-basisse in suidelike Angola gemik is. Die Eerste Minister en die Minister van Verdediging het die regering se meegevoel met die families van die vyftien Suid-Afrikaanse lugmaglede en soldate wat omgekom het, uitgespreek. Hulle sê dat gebeure soos hierdie die mense van Suid-Afrika geruk het, maar dat hulle getroos kan word deur die feit dat die sterftes in die stryd om die behoud van beskawing gebeur het. Hulle het hulle lewens opgeoffer vir die behoud van die norme en waardes van 'n Christengemeenskap. In die moderne wêreld is die barbaar* wat by die hekke is, die terroris** …

Deur die meegevoel wat aan vriende en familie uitgespreek is, loop 'n algemene tema: die vyftien het vir 'n saak gesterf … Die Suid-Afrikaanse en Suidwes-Afrikaanse mense en hulle leiers het vasgestaan teen die barbaarse* aanslag wat oor hulle grense ingesypel het … SWAPO-basisse op die Angolese grens moet vernietig word.

[Uit: *South Africa: A Different Kind of War* deur J Frederikse]

* **Barbaar: 'n negatiewe woord wat deur die apartheidsregime gebruik is om na aktiviste van die bevrydingsbewegings wat in ballingskap bedrywig was, te verwys.**

** **Terroris: 'n woord wat deur die apartheidsregime gebruik is om na vryheidsvegters te verwys.**

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**VRAAG 2**

**HOE SUKSESVOL WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) MET DIE GENESING VAN ONS VERLEDE?**

**BRON 2A**

Hierdie is 'n foto van die eerste Waarheids-en-Versoeningskommissie-verhoor wat op 15 April 1996 in Oos-Londen plaasgevind het.




[Internetwebtuiste: http://qu301southafrica.com/tag/recon. Toegang op 3 Mei 2013]

**BRON 2B**

Die volgende uittreksel fokus op die sluipmoord van anti-apartheidsaktivis en prokureur, Griffiths Mxenge, op 20 November 1981.

Op 20 November 1981 is mnr. Griffiths Mxenge doodgevind in 'n fietsrystadion by Umlazi. Drie Vlakplaas-agente, naamlik Kommandeur Dirk Coetzee en askaris (spioene/verraaiers) Almond Nofemela en David Tshikilange, is aangekla en skuldig bevind aan die moord. Coetzee, Nofemela en Tshikilange het vir amnestie aansoek gedoen vir die moord op Mxenge.

Nofemela het aan die Kommissie vertel dat die vier mans Mxenge op die aand van 20 November 1981 onderskep (gevang) het op sy pad huis toe van die werk af. Hulle het om uit sy motor gesleep en hom na die nabygeleë Umlazi stadion geneem waar hulle hom geslaan en herhaaldelik met 'n mes gesteek het. Nofemela het die Kommissie vertel dat Mxenge sy aanvallers verwoed teengestaan het totdat hy op die kop geslaan is met 'n wielsleutel. Hy het op die grond geval en die messtekery het voortgegaan totdat hy dood was … Hulle het toe sy motor, beursie en ander besittings geneem om dit na 'n rooftog te laat lyk. Mxenge se voertuig is later gevind, uitgebrand en verlate, naby die Golela-grenspos tussen Suid-Afrika en Swaziland.

Op 15 Mei 1997 is Coetzee, Nofemela en Tshikilange skuldig bevind aan die moord op Mxenge. Op versoek van die Kommissie se Amnestiekomitee, is vonnisoplegging uitgestel tot die Komitee 'n uitspraak op die aansoeke bereik het ...

[Internetwebtuiste: www.justice.gov.za/trc/report/. Toegang op 3 Mei 2013]

ÉcoleBooks

 DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM 

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**BRON 2C**

Die volgende verklaring is deur die Amnestiekomitee van die WVK uitgereik. Dit fokus op die redes vir die toestaan van amnestie aan Dirk Coetzee, Almond Nofemela en David Tshikilange vir die moord op Griffiths Mxenge.

Die Amnestie-komitee van die Waarheids-en-Versoeningskommissie het vandag amnestie toegestaan aan Dirk Coetzee, David Tshikalange en Butana Almond Nofomela vir die moord op die Durbanse prokureur, mnr. Griffiths Mxenge, in November 1981.

Die Komitee het gesê dat terwyl 'daar nog 'n mate van twyfel bestaan' oor die identiteit van diegene wat Coetzee opdrag gegee het of beveel het om mnr. Mxenge dood te maak, was daar geen twyfel daaroor dat Coetzee opgetree het op 'die advies, bevel of opdrag van een of meer van die senior lede van die Veiligheidstak' van die Suid-Afrikaanse Polisie nie.

Die Komitee plaas op rekord sy 'sterk afkeur' van die optrede van die polisie vir die 'reël van die sluipmoord van 'n prokureur wat besig was om niks meer as net sy plig te doen deur voldoende verteenwoordiging te verskaf aan mense wat voor kriminele aanklagte te staan gekom het nie'.

In sy bevindings het die Komitee gesê: 'Gebaseer op die bewyse voor ons, is ons tevrede dat geeneen van die Applikante die oorledene, Mxenge, geken het nie, of enige rede of begeerte gehad het om sy dood te bewerkstellig nie, voordat hulle opdrag gekry het om dit te doen nie. Ons is tevrede dat hulle gedoen het wat hulle gedoen het omdat hulle dit as hulle plig beskou het as polisiemanne wat in die stryd teen die ANC en ander bevrydingsbewegings betrokke was. Dit is, dink ons, duidelik dat hulle op hulle seniors staatgemaak het om akkuraat en regverdig die vraag te oorweeg het of die sluipmoord nodig was, en of ander stappe gedoen kon geword het ...'

Die drie amnestie-applikante is skuldig bevind aan die moord van mnr. Mxenge tydens 'n verhoor in Durban nadat hulle amnestie-aansoek verhoor is. As gevolg van die toestaan van amnestie, sal dit nie nodig wees dat die hof voortgaan met die vraag van vonnisoplegging nie.

[Internetwebtuiste: www.info.gov.za/speeches/1997/08050w13297.html. Toegang op 3 Mei 2013]

**BRON 2D**

Die volgende verslag van die Suid-Afrikaanse Pers-Assosiasie (SAPA) sit die redes vir die Mxenge-familie se opposisie teen die amnestieproses uiteen.

**DURBAN 5 November 1996 — SAPA**

**MXENGE-FAMILIE STAAN COETZEE SE AMNESTIE-AANSOEK TEEN**

Die familie van die menseregteprokureur, Griffiths Mxenge, het Dinsdag gesê dat die toestaan van amnestie aan die voormalige polisieman, Dirk Coetzee, wat erken het dat hy opdrag gegee het vir Mxenge se moord, 'n bespotting van geregtigheid is …

Mxenge se broer, Mhleli, 54, het gesê dat Coetzee en sy medebeskuldigdes nie aan die kriteria vir amnestie, soos in die Wet op die Bevordering van Nasionale Versoening vervat is, voldoen nie.

Mxenge het die Kommissie gekap en gesê, 'Wat ons kwaad maak is hierdie inmenging met die regsproses. Ons het hard geveg om Coetzee aan te kla. Nou kom die mense vorendag met hierdie … amnestieverhoor.'

In antwoord op Coetzee se verklaring dat hy op daardie tydstip op bevel opgetree het, het Mxenge gesê: 'Daar is geen bewyse dat die doodmaak van hulle politieke opponente binne die loop en omvang van hulle pligte as lede van die veiligheidspolisie geval het nie. Ek is derhalwe, heeltemal gekant teen die toestaan van amnestie aan Dirk Coetzee, Tshikilange en Almond Nofomela omdat dit 'n bespotting is ...'

[Internetwebtuiste: www.justice.gov.za/trc/media/1996/9611/s961105h.html. Toegang op 3 Mei 2013]


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**BRON 2E**

Die volgende is deel van 'n onderhoud wat Shaun de Waal, verslaggewer van die *Mail and Guardian*, met Mahmood Mamdani gevoer het oor Suid-Afrika se WVK-proses. Mamdani is 'n Afrika-akademikus en tans direkteur van die Makerere-Instituut van Maatskaplike Navorsing.

**Shaun de Waal:** U sê dus dat die WVK die uitvoerende uitbreiding was van die ooreenkoms wat by Kodesa bereik is, en gehelp het om 'n politieke oplossing te bereik ...

**Mamdani:** … Tog het die WVK slagoffers gedefinieer asof apartheid nooit bestaan het nie – slegs as individue wie se liggaamlike integriteit geskend was. Dit is om apartheid op dieselfde vlak as enige diktatorskap op enige plek in die wêreld te plaas. Maar apartheid het die hele samelewing geaffekteer, nie net geïsoleerde individue nie. Die voorpunt daarvan was wetgewing wat die hele bevolking in groepe, wat hulle rasse genoem het, gedefinieer het, en toe het dit wetgewing goedgekeur wat 'n minderheid bemagtig het, en die meerderheid ontmagtig het …

Die WVK het slegs individuele skenders van menseregte hanteer, wat baie eng verstaan is: sy reg oor jou persoon. Dit het gefokus op persone wat die wet in hierdie opsig oortree het. Indien dit homself vir die toekoms meer relevant wou gemaak het, kon die WVK die wit bevolking, in besonder, geleer het om te verstaan dat alhoewel die meeste van hulle nie oortreders was nie, hulle begunstigdes was. Maar dan sou dit die kollig moes wegneem van die marteling ensovoorts, en dit herfokus het op wie daarby gebaat het – waar jy gewoon het, watter skole jy bygewoon het, vir watter werk jy kon meeding ...

Ek het die verhore in Kaapstad waar FW de Klerk gepraat het, bygewoon. Dit was buitengewoon, want hy het verskoning gevra vir apartheid, en hy het gepraat oor apartheid in dieselfde terme waarin ek dit beskryf. Maar die WVK het net belanggestel in, 'Het jy die opdragte gegee in hierdie saak, daardie saak?' ...

[Uit: *Mail and Guardian,* 3–9 Mei 2013]

## VRAAG 3

## WATTER IMPAK HET GLOBALISERING OP DIE NUWE WÊRELDORDE GEHAD?

### BRON 3A

Die volgende uittreksel fokus op die verskynsel van globalisering.

Globalisering is die stelsel van interaksie tussen die lande van die wêreld om die wêreldekonomie te ontwikkel. Globalisering verwys na die integrasie van ekonomieë en gemeenskappe oor die hele wêreld. Globalisering behels tegnologiese, ekonomiese, politieke en kulturele uitruiling wat hoofsaaklik deur vooruitgang in kommunikasie, vervoer en infrastruktuur moontlik gemaak word.

Daar is twee soorte integrasie, negatief en positief. Negatiewe integrasie is die afbreek van handelsbeperkings of beskermende beperkings, soos tariewe en kwotas … Die verwydering van beperkings kan vir 'n land voordelig wees indien dit voorsiening maak vir produkte wat belangrik of noodsaaklik is vir die ekonomie. Byvoorbeeld, deur beperkings te verwyder, sal die koste van ingevoerde grondstowwe daal en die verskaffing sal styg, wat dit goedkoper maak om die finale produkte vir uitvoer te vervaardig (soos elektronika, motoronderdele en klere).

Aan die ander kant is die standaardisering van internasionale ekonomiese wette en beleid die doelwit van positiewe integrasie. Byvoorbeeld, 'n land wat sy eie belastingbeleide het, dryf handel met 'n land met sy eie stel tariefbeleide. Eweneens, het hierdie lande hulle eie tariefbeleide. Met positiewe integrasie (en die voortdurende groei van die invloed van globalisering), sal hierdie lande daaraan werk om soortgelyke of identiese beleid oor tariewe te hê …


[Internetwebtuiste: http://hubpages.com/hub/Definition-of-Globalization. Toegang op 3 Mei 2013]


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**BRON 3B**

Die volgende bron is 'n diagrammatiese voorstelling van die verskillende kenmerke van globalisering.




[Internetwebtuiste: http://globalisation.pen.io. Toegang op 3 Mei 2013]

**Vertaling van byskrifte – kloksgewys van bo:**

Integrasie van ekonomieë
Gelykheid/Ongelykheid
Kommunikasie
Erkenning
Handel versus Hulp
Uitkontraktering
Handelsname
Uitbuiting
Groei
Armoede
Omgewing
Monopolie-krag
Kapitalisme
Kultuur
Vrye handel
Tegnologie/Die Internet
Krimpende wêreld
Terrorisme
Verantwoordbaarheid

**BRON 3C**

Die volgende artikel deur die World Economic Forum Survey fokus op hoe mense van 25 lande globalisering beskou het.

**Mense van oor die wêreld heen is meer ten gunste van globalisering, maar bekommer hulle oor werk, armoede en die omgewing**

**Die Wêreld Ekonomiese Forum-opname van 25 000 burgers in 25 lande New York, 1 Februarie 2002**

Die grootste openbare meningspeiling ooit oor globalisering, in lande wat saam 67 persent van die wêreld se bevolking verteenwoordig, toon dat mense toenemend ten gunste is van ekonomiese globalisering, maar hulle het hoë verwagtings oor sommige gebiede wat moeilik sal wees om te bevredig. Burgers is ook bekommerd oor wat hulle as die skadelike gevolge van globalisering beskou.

Die navorsing wat in laat 2001 gedoen is as deel van die eerste algehele globale opname van die wêreld na September 11, het aan die lig gebring dat:

- Die meerderheid mense in die meeste lande waar die opname gedoen is, verwag dat meer ekonomiese globalisering positief vir hulle en hulle gesinne sal wees. Regoor die wêreld beskou meer as ses in tien burgers globalisering as voordelig, terwyl een in vyf dit as negatief beskou.
- Positiewe beskouings oor globalisering het die afgelope jaar gegroei, veral in Noord-Amerika en Europa.
- Burgers, veral dié in armer lande, het hoë verwagtings dat globalisering voordelig sal wees op 'n aantal ekonomiese en nie-ekonomiese gebiede.
- Burgers glo egter ook dat globalisering omgewingsprobleme en armoede in die wêreld sal vererger, en die aantal werkgeleenthede in hulle land sal verminder.
- Veral in G7-lande, glo die meeste burgers nie dat die arm lande soveel by vrye handel en globalisering as ryk lande sal baat nie. Die teenoorgestelde is egter waar in lae-BBP-lande.

Die Wêreld Ekonomiese Forum-meningsopname het 25 000 persoonlike of telefoononderhoude in hoofsaaklik 'Groep van 20'-lande behels, en dit is tussen Oktober en Desember 2001 gedoen ... Die meerderheid mense in 19 uit 25 lande wat aan die opname deelgeneem het, verwag dat meer ekonomiese globalisering positief vir hulle en hulle families sal wees. Terwyl meer as ses in tien burgers wêreldwyd (62 persent) globalisering as positief beskou ... Die sterkste ondersteuners is in noord-Europa, Noord-Amerika, en die armer lande in Asië gevind ...

[Internetwebtuiste: www.globescan.com/news_archives/press_inside.htm. Toegang op 3 Mei 2013]

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**BRON 3D**

Die titel van die volgende artikel deur Prabhakar Pillai is 'Die Negatiewe Gevolge van Globalisering'. Dit fokus op sy sienings oor globalisering.

Om koste te besnoei, het baie ondernemings in ontwikkelde lande hulle vervaardiging- en witboordjie-werk na 'Derde-wêreld'-lande soos Indië en China, waar die arbeidskoste laag is, uitgekontrakteer. Die prominentste hiervan is werk in die kliëntediensveld omdat baie ontwikkelende lande 'n groot Engelssprekende bevolking het – bereid om te werk teen een-vyfde van wat iemand in die ontwikkelde wêreld as 'lae besoldiging' sou bestempel …

Daar is verskillende denkrigtings wat redeneer dat globalisering tot 'n toename in aktiwiteite soos kinderarbeid en slawerny gelei het. In lande met min of geen aanspreeklikheid, kan korporasies wat kinders in diens neem sonder probleme werk deur die beamptes om te koop, wat 'n toename in onwettige aktiwiteite tot gevolg kan hê …

Globalisering het moontlik terroriste en kriminele onopsetlik (onbewustelik) gehelp. Midde-in globalisering is die idee dat mense, materiaal, voedsel, ens., toegelaat word om vrylik oor grense heen te beweeg, maar 9/11 was 'n afgryslike (verskriklike) herinnering daaraan dat mense met kwade bedoelings dit as 'n geleentheid kan gebruik en skade veroorsaak.

Dit is nie net die ontwikkelde nasies wat kla oor die negatiewe gevolge nie, mense in ontwikkelende nasies, waar die meeste van die nywerhede opgestel is, het hulle eie stel redes teen globalisering. Hulle kla dikwels dat hulle stede tot stortingsterreine verval het waar al die nywerheidsafval opgegaar word en besoedelingsvlakke hemelhoog is.

Kitskoskettingwinkels, soos McDonald's en KFC, versprei vinnig in die ontwikkelende wêreld. Mense eet meer gemorskos, wat 'n nadelige gevolg op hulle gesondheid het …

Terwyl die rykes ryker word, sukkel die armes om 'n voedsame maaltyd te bekom. Indien die huidige Beset Wall Street-protesoptogte 'n herinnering is aan hoe woedend mense oor die huidige stelsel is, dan moet dié wat ons regeer daarvan kennis neem, en daaraan werk om armoede te verlig (verwyder). Onder Ideale omstandighede behoort globalisering die skep van rykdom en vooruitgang tot gevolg gehad het, maar korporatiewe gulsigheid en korrupte regering het verseker dat die geld nie eweredig versprei word nie.

[Internetwebtuiste: http://www.buzzle.com/articles/negative-effects-of-globalization.html. Toegang op 3 Mei 2013]

**BRON 3E**

'n Foto wat aktiviste toon wat in 1999 teen die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) in Washington protesteer.




[Internetwebtuiste: http://content.lib.washington.edu/wtoweb/images/wto-protest.jpg. Toegang op 3 Mei 2013]

EcoleBooks

**MARSJEER TEEN WHO**
**GLOBALE ONGEREGTIGHEID**

 DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM 

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**VRAAG 1**

**WAAROM HET SUID-AFRIKA BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D om die vrae wat volg te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Watter organisasie het die apartheidsregering tydens die burgeroorlog in Angola ondersteun? (1 x 1) (1)

1.1.2 Noem VIER Angolese ekonomiese installasies wat deur die Suid-Afrikaanse Weermag geteiken is. (4 x 1) (4)

1.1.3 Gebruik die inligting in die bron, en verduidelik DRIE redes waarom die apartheidsregering deur die MPLA-leierskap in Angola bedreig gevoel het. (3 x 2) (6)

1.1.4 In die konteks van die Angolese burgeroorlog, verduidelik waarom die MPLA hulp by Kuba en die USSR gevra het. (1 x 3) (3)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Watter boodskap dra die spotprent oor met betrekking tot die Sowjetunie se ondersteuning vir die MPLA in Angola? Verduidelik jou antwoord met gebruik van die visuele leidrade in die spotprent. (2 x 2) (4)

1.2.2 Verduidelik tot watter mate hierdie spotprent as bevooroordeeld beskou kan word. (2 x 2) (4)

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Volgens Kaunda, watter TWEE kommunistiese lande het die MPLA ondersteun? (2 x 1) (2)

1.3.2 Definieer *kommunisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.3.3 Verduidelik waarom Eerste Minister Vorster nie Angola as ' 'n onafhanklike swart Afrika-land' beskou het nie. (2 x 2) (4)

1.3.4 Lewer kommentaar op Eerste Minister Vorster se verwysing na die woord 'kommuniste' in die konteks van die Angolese burgeroorlog. (1 x 2) (2)

1.4 Gebruik Bron 1D.

1.4.1 Haal TWEE negatiewe woorde aan wat gebruik is om die South West Africa People's Organisation (SWAPO) in die SABC-nuusberig te beskryf. (2 x 1) (2)

1.4.2 Hoe het die SABC die dood van die 15 SAW-lugmaglede en soldate wat in Angola gesterf het, geregverdig? (2 x 2) (4)

1.4.3 Verduidelik tot watter mate die inligting in Bron 1D bruikbaar sou wees vir 'n geskiedkundige wat die gebruik van propaganda tydens Suid-Afrika se deelname aan die Angolese burgeroorlog wil navors. Gebruik relevante voorbeelde uit die bron om jou antwoord te motiveer. (2 x 2) (4)

1.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne, en jou eie kennis, om 'n paragraaf van ongeveer 8 reëls te skryf (ongeveer 80 woorde), om te verduidelik waarom Suid-Afrika by die Angolese burgeroorlog betrokke geraak het. (8)

**[50]**

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**VRAAG 2**

**HOE SUKSESVOL WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) OM GENESING TE BRING VIR ONS VERLEDE?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D om die vrae wat volg te beantwoord.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Wanneer en waar het Suid-Afrika se eerste WVK-verhoor plaasgevind? (2 x 1) (2)

2.1.2 Definieer die konsep *versoening* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.3 Verduidelik waarom die WVK gekies het om die slagspreuk, 'Genesing van ons Verlede' tydens sy verhore te gebruik, soos in die foto getoon word. (1 x 2) (2)

2.1.4 Lewer kommentaar op waarom jy dink die WVK as 'n belangrike gebeurtenis In die geskiedenis van Suid-Afrika beskou is. (1 x 3) (3)

2.2 Verwys na Bron 2B.

2.2.1 Noem die DRIE apartheidsagente wat van die moord op Griffiths Mxenge aangekla is. (3 x 1) (3)

2.2.2 Hoe, volgens Nofemela, is Griffiths Mxenge vermoor? (2 x 2) (4)

2.2.3 Waarom dink jy is die drie apartheidsagente skuldig bevind aan die moord op Mxenge, maar nie gevonnis nie? Motiveer jou antwoord met relevante bewyse. (2 x 2) (4)

2.3 Verwys na Bron 2C.

2.3.1 Verduidelik waarom amnestie aan die DRIE apartheidsagente toegestaan is. (1 x 2) (2)

2.3.2 'Dit sal nie vir die hof nodig wees om voort te gaan met vonnisoplegging nie.' Waarom, dink jy, is hierdie stelling gemaak? (1 x 2) (2)

2.4 Verwys na Bron 2B en 2C. Verduidelik tot watter mate 'n geskiedkundige die inligting in Bron 2B en 2C bruikbaar sou vind wanneer daar oor die toestaan van amnestie aan dié wat vir die dood van Griffiths Mxenge verantwoordelik was, geskryf word. (2 x 2) (4)

2.5 Raadpleeg Bron 2D.

2.5.1 Hoe het Griffiths Mxenge se familie op die aansoek vir amnestie deur die drie apartheidsagente gereageer? (1 x 2) (2)

2.5.2 Verduidelik waarom die Mxenge-familie op hierdie manier op die toestaan van amnestie aan die drie apartheidsagente gereageer het. (2 x 2) (4)

2.6 Raadpleeg Bron 2E.

2.6.1 Hoe beskou Mamdani die manier waarop die slagoffers van apartheid deur die WVK hanteer is? (1 x 2) (2)

2.6.2 Mamdani stel voor dat die WVK-proses gebrekkig was. Watter verandering het hy voorgestel wat die WVK meer suksesvol kon gemaak het in sy pogings om die verlede te 'genees'? (1 x 2) (2)

2.6.3 Lewer kommentaar op die betekenis van Mamdani se verklaring dat 'Die WVK het slegs belanggestel in "Het jy die opdragte gegee in hierdie saak, daardie saak?" ' (2 x 2) (4)

2.7 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf 'n paragraaf van ongeveer 8 reëls (omtrent 80 woorde), waarin jy verduidelik tot watter mate die WVK suksesvol was met die genesing van ons verlede. (8)

**[50]**

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**VRAAG 3**

**WATTER IMPAK HET GLOBALISERING OP DIE NUWE WÊRELDORDE GEHAD?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C, 3D en 3E om die vrae wat volg te beantwoord.

3.1 Gebruik Bron 3A.

3.1.1 Definieer die term *globalisering* in jy eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Haal die TWEE soorte integrasie aan wat in die bron genoem word in die konteks van globalisering. (2 x 1) (2)

3.1.3 Volgens die inligting in die bron, wat kan die negatiewe effekte daarvan wees om tariewe op die ekonomieë van ontwikkelende lande wat op die Afrika-kontinent geleë is, te verwyder? (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Deur die inligting in die bron te gebruik, identifiseer DRIE kenmerke van globalisering. (3 x 1) (3)

3.2.2 Verduidelik of jy dink dat hierdie veranderings (soos in VRAAG 3.2.1 geïdentifiseer) 'n positiewe of 'n negatiewe impak op die verskillende lande van die wêreld gehad het. Motiveer jou antwoord met relevante bewyse. (3 x 2) (6)

ÉcoleBooks

3.3 Verwys na Bron 3C.

3.3.1 Volgens die inligting in die bron, waarom was 'n toenemende getal mense ten gunste van ekonomiese globalisering? (1 x 2) (2)

3.3.2 Haal enige TWEE positiewe aspekte aan wat die wêreldwye opname oor globalisering blootgestel het. (2 x 1) (2)

3.3.3 As 'n geskiedkundige, verduidelik die beperkings van die gebruik van hierdie bron wanneer die gevolge van globalisering nagevors word. (1 x 3) (3)

3.4 Raadpleeg Bron 3D.

3.4.1 Identifiseer VIER negatiewe gevolge van globalisering. (4 x 1) (4)

3.4.2 Verduidelik hoe globalisering bygedra het tot die negatiewe gevolge (soos in VRAAG 3.4.1 geïdentifiseer). Motiveer jou antwoord met 'n geldige rede. (1 x 2) (2)

3.5 Verwys na Bron 3C en 3D. Verduidelik hoe die inligting in hierdie bronne bruikbaar sou wees vir 'n geskiedkundige wat globalisering bestudeer. (2 x 2) (4)

3.6 Verwys na Bron 3E.

3.6.1 Watter TWEE faktore, dink jy, het aktiviste aangemoedig om met protesaksie te begin? (2 x 1) (2)

3.6.2 Lewer kommentaar op die betekenis van die woorde, 'Globale ongeregtigheid' soos dit op die banier gewys word, in die konteks van globalisering. (1 x 2) (2)

3.7 Raadpleeg Bron 3D en Bron 3E en verduidelik hoe die inligting in hierdie bronne mekaar ondersteun met betrekking tot die negatiewe gevolge van globalisering. (2 x 2) (4)

3.8 Gebruik die inligting van die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf 'n paragraaf van ongeveer 8 reëls (omtrent 80 woorde), om te verduidelik hoe globalisering vanaf 1989 tot nou 'n nuwe wêreldorde geskep het . (8)

**[50]**

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

## 6. ASSESSERINGSTAKE: OPSTELVRAE

### 1. ONDERWERP 1: CHINA OF VIËTNAM

**VRAAG 1A: CHINA**

Bespreek tot watter mate Mao tussen 1949 en 1976 China van 'n onderontwikkelde land tot 'n supermoondheid getransformeer het. **[50]**

**VRAAG 1B: VIËTNAM**

' ... Al die militêre mag van 'n supermoondheid kon die klein nasie van kleinboere nie verslaan nie.'

Bespreek hierdie verklaring krities in die lig van die Verenigde State van Amerika se betrokkenheid in Viëtnam tussen 1965 en 1975. Gebruik relevante voorbeelde om jou antwoord te staaf. **[50]**

### 2. ONDERWERP 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA

**VRAAG 2: KONGO EN TANZANIË**

Skryf 'n vergelykende opstel oor die politieke suksesse wat behaal is en die uitdagings wat post-koloniale leiers van beide die Kongo en Tanzanië tussen die 1960's en die 1980's in die gesig gestaar het. **[50]**

EcoleBooks

### 3. ONDERWERP 4: BURGERLIKE WEERSTAND IN SUID-AFRIKA: 1970's TOT 1980's

**VRAAG 4: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's**

Verduidelik hoe interne massa burgerlike weerstand en internasionale druk tot die ondergang (val) van die apartheidsregime in die 1980's bygedra het. **[50]**

### 4. ONDERWERP 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE IN SUID-AFRIKA EN DIE VERWERKING VAN DIE VERLEDE

**VRAAG 5: DIE ONDERHANDELDE SKIKKING EN DIE REGERING VAN NASIONALE EENHEID**

Allister Sparks argumenteer dat die proses van onderhandeling 'altyd 'n krisis-gedrewe proses' was.

Assesseer Allister Sparks se stelling krities met verwysing na die proses van onderhandeling in Suid-Afrika tussen 1990 en 1994. **[50]**

7. RIGLYNE VIR LEERDERS EN ONDERWYSERS: VOORBEELDANTWOORDE

**NAVORSINGSWERKOPDRAG**

# GRAAD 12: NAVORSINGSWERKOPDRAG

**SKOOL:** XYZ SEKONDÊRE SKOOL

**NAAM VAN LEERDER:** LA DUMA

**VAK:** GESKIEDENIS

**VRAAG:**

'Die vroue van Suid-Afrika het die stryd hand aan hand saam die mans gelei. Daar was nog nooit enige verskil nie, behalwe dat die vroue se kant meer kwesbaar is vir enige onderdrukking, die kant van hulle huis en die kinders.' (Albertina Sisulu)

Met verwysing na die verklaring hierbo, bespreek krities hoe die rol van vroue in die stryd teen apartheid van dié van mans verskil het.

**VERKLARING VAN EGTHEID**

EK VERKLAAR HIERMEE DAT ALLE STUKKE SKRYFWERK WAT IN HIERDIE NAVORSINGSWERKOPDRAG INGESLUIT IS, MY EIE OORSPRONKLIKE WERK IS EN DAT INDIEN EK ENIGE BRON GEBRUIK HET, EK DIENOOREENKOMSTIG ERKENNING GEGEE HET DAARAAN.

**LEERDER SE HANDTEKENING:**__________________________________

**DATUM:**______________________


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**'N GEDIG WAT HULDE BRING AAN SUID-AFRIKAANSE VROUE**

## Lof aan ons Moeders

Indien die maan vannag sou skyn
Om my gesig te verlig en my trotse vorm te vertoon
Met krale om my nek en skulpe in my hare
En 'n sagte vloeiende rok met die kleure van Afrika

Indien ek op die kruin van 'n heuwel sou staan
En my stem in lof verhef
Vir die vroue van my land
Wat deur hulle hele lewens gewerk het
Nie vir hulself nie, maar werklik vir die lewe van alle Afrikane
Aan wie sou ek my lof besing?
Ek kan al die name opnoem
Ja, maar waar begin ek?!
Begin ek by diegene
Wat hulle lewens gegee het
Sodat die res van ons 'n beter lewe mag hê
Die Lilian Ngoyis, die Victoria Mxenges
Die Ruth Firsts
Of dié wat hulle mans verloor het
Aan Robbeneiland en hulle kinders aan ballingskap
Maar aangehou het met veg
Die MaMotsoaledis, die MaSisulus
Die Winnie Mandelas?
Of dalk sou ek lof besing aan
Diegene wat die veerkragtigheid gehad het
En die sluheid van 'n woestynkobra
Priscilla Jana, Fatima Meer, Beauty Mkhize
Of dié wat woestyne in groen groentetuine verander het
Waarvan ons mense kan eet, Mamphela Ramphele, Ellen Khuzwayo


Of sou die name van die vroue
Wat marsjeer het, eensame aanhouding
en huisarres verduur het
Helen Joseph, Amina Cachalia, Sonya Bunting, Dorothy Nyembe,
Thoko Mngoma, Florence Matomela, Bertha Mkhize,
Hoeveel meer name kom in die gedagtes op
Wanneer ek die Versetveldtog onthou
Die gevegte teen Biersale wat die krag uit ons mans gesuig het
Die bou van alternatiewe skole weg van Bantoe-onderwys
En die geveg teen paswette

Miskien, miskien, sou ek 'n naam kies
Net een spesiale naam wat die lig uitspel
Die van Mama Nokukhanya Luthuli
Miskien as ek haar naam sou uitroep

Bo van die kruin van die heuwel af
Terwyl die maan helder skyn;
No — Ku — Kha — nya!
NO — KU — KHA — NYA!!!
Miskien sou my stem deur die wind gedra word
Om al die ander vroue
Wie se name nie dikwels genoem word nie
Die wat lemoene en aartappels verkoop
Sodat hulle kinders kan eet en leer
Diegene wat vloere skrop en direkteurslessenaars poleer in toringkantoorblokke
Terwyl die stad slap
Dié wat in oorvol hospitale werk
Wat lewens red, koeëlwonde skoonmaak en nuwe babas vang
En die wat prysgegee het
Hulle plekke van gemak en die beskerming van hulle velkleur Marian Sparg,
Sheena Duncan,
Barbara Hogan, Jenny Schreiner.
En wat van die vroue wat in die tuislande gestrand is
Met 'n baba in die buik en 'n baba op die rug
Terwyl hulle mans sweet in die skoot van die aarde?
Mag die lewens van al hierdie vroue
Gevier word en toegelaat word om te skyn
Wanneer ek Mama Nokukhanya se naam uitroep
NO — KU — KHA — NYA!!!
En ons wat jonk is, ons salueer ons moeders
Wat aan ons gegee het
Die erfenis van hulle Koninginskap!!!

ÉcoleBooks

**Gcina Mhlophe**




**'n FEDSAV plakaat wat die rol van Suid-Afrikaanse vroue in die stryd om vryheid herdenk. Geneem uit *Celebrating Women in South African History*.**


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

## MONITERINGSLYS VAN LA DUMA – GRAAD 12C

| DATUM | AKTIWITEIT | KOMMENTAAR |
|---|---|---|
| **JANUARIE 2014** | Begin | Sleutelvraag gefinaliseer |
| **FEBRUARIE** | EERSTE KONSEP<br>• Het die onderwerp ontleed en die fokus van die sleutelvraag verstaan<br>• 'n Voorlopige bibliografie is ingedien. | Verwysings in bibliografie sluit 'n verskeidenheid bronne in: boeke, tydskrifartikels, onderhoude, ens. |
| **APRIL** | TWEEDE KONSEP<br>• Beplanning en navorsingsaantekeninge is beskikbaar gemaak.<br>• Oorsig van die hoofargument in die navorsingswerkopdrag is ingedien. | Konsep is ingedien. Onderwyser het kommentaar gelewer en aan die leerder terugbesorg vir hersiening. |
| **MEI** | DIEN FINALE KOPIE IN | |
| **JULIE** | TERUGVOERING | Projek is op drie vlakke gemodereer: Skool, vakgroep en distrik. |
| **AUGUSTUS** | Aanbieding van projekte aan skool en gemeenskap. | |

**ONDERWYSER SE NAAM: Mev. BA Starr**

**ONDERWYSER SE HANDTEKENING:**_______________________________

**LEERDER SE HANDTEKENING:**___________________________________

| **Skoolstempel:** |
|---|
| |

## INLEIDING

Hierdie navorsingsprojek ondersoek die rol wat vroue tydens die bevrydingstryd gespeel het en probeer om die vraag te beantwoord oor hoe die rol van vroue van dié van mans verskil het gedurende die stryd teen apartheid. Albertina Sisulu, een van die belangrikste leiers van die anti-apartheidweerstandsbeweging, het geredeneer dat vroue 'sy aan sy' langs die mans geveg het; maar sy was ook van mening dat hulle besonder kwesbaar was vir onderdrukking as gevolg van hulle rol as moeders en eggenote. Hierdie navorsingsopdrag bied bewyse wat Albertina Sisulu se verklaring staaf. Met die beantwoording van hierdie vraag het ek 'n verskeidenheid bronne bestudeer. Hierdie bronne sluit in boeke deur geskiedkundiges, dokumente, mondelinge bronne, die Internet en ander media in. My benadering was om te kyk na die strategieë wat deur 'n toegewyde groep vroue, wat 'n sleutelrol in die bevrydingstryd gespeel het, gebruik het.

In *The Women's Federation March of 1956,* word Lilian Ngoyi uitgesonder as een van die betekenisvolle leiers wat die stryd van miljoene swart Suid-Afrikaanse vroue verteenwoordig het.

> 'Sy het haarself, soos miljoene swart vroue dwarsoor die land, die slagoffer van beide ras- en geslagsdiskriminasie gevind. Sy het getoon dat dit moontlik was om nie slegs bo beperkings wat hierdeur op haar afgedwing was, uit te styg nie, maar ook dat die stryd in Suid-Afrika nie suksesvol gevoer kon word tensy vroue en vrouesake 'n sentrale deel van die bevrydingstrategie uitgemaak het nie. Nie die staat met al sy mag, of moraliteit kon werklik hierdie fenomenale vroue stilmaak nie'
>
> (Human, M., Mutloatse, M. & Masiza, J. 2006:62).

Hierdie verklaring is die beginpunt van my navorsingswerkopdrag. Daar is gesê dat miljoene swart Suid-Afrikaanse vroue gedurende apartheid die drievoudige onderdrukking van swart-wees, vrou-wees en arm-wees in die gesig gestaar het. Hierdie navorsingswerkopdrag wys hoe sommige vroue die sosiale konvensie dat vroue na die huis moet omsien, en dat mans die gesagsfiguur moet wees en 'n sentrale rol in die politiek moet speel, uitgedaag het. Die vroue wat in hierdie werkopdrag bespreek word, het getoon dat gedurende die apartheidsjare vroue nie net 'n sleutelrol as eggenote en moeders gespeel het nie, maar ook as politieke aktiviste, en anti-apartheidsvegters. Boonop, alhoewel daar in die apartheidstydperk in Suid-Afrika geen feminisbeweging was nie, het swart en wit vroue soms saamgespan om teen apartheid te veg, byvoorbeeld, die antipasprotes in 1956 is deur die nie-rassige Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue (FEDSAV) georganiseer.

Ek wil identifiseer hoe Suid-Afrikaanse vroue geveg het om die baie uitdagings en beperkings wat op hulle afgedwing was as gevolg van hulle geslag, sowel as die onderdrukkende beleide van die Nasionale Party regering, te oorkom.

## AGTERGROND

Die weerstand teen rasse-ongelykheid in Suid-Afrika deur swart vroue het begin lank voordat apartheid amptelik in 1948 ingestel is. So vroeg as 1912 was vroue betrokke by 'n passiewe weerstandsveldtog ter ondersteuning van die swart- en Indiërmyners

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

wat betrokke was by 'n staking vir beter lone en verbeterde werksomstandighede. In die Vrystaat, in 1913, het swart- en bruin vroue die dra van passe teengestaan.

In 1918 het Charlotte Maxeke die Bantoe-vroueliga gestig om die paswette teen te staan. Die rede waarom hulle by die Bantoe-vroueliga aangesluit het en nie by die ANC nie, was omdat vroue op daardie stadium nie toegelaat was om lede van die ANC te wees nie. Die weerstand van vroue teen die rasdiskriminerende wette het tot in die 1930's voortgeduur. Die vroue se aktivisme het 'n nuwe dimensie aangeneem toe vroue uiteindelik in 1943 toegelaat is om by die ANC aan te sluit. Daarbenewens het hulle die ANC se Vroueliga gevorm, en Ida Mtwana het die eerste president geword.

In 1948, het die Nasionale Party-regering aan bewind gekom en die apartheidsbeleid in Suid-Afrika bekendgestel. Gedurende die apartheidsjare (1948–1994), was Suid-Afrika 'n verdeelde gemeenskap waar mense se status en regte deur hulle ras bepaal is. Dit was 'n land waar die minderheid wit regering wette aanvaar het om te segregeer, en teen die meerderheid swart bevolking te diskrimineer. Hierdie beleid het wette soos die *Wet op Bevolkingsregistrasie* ingesluit wat alle Suid-Afrikaners volgens ras geklassifiseer het, en die *Groepsgebiedewet* wat mense gedwing het om in rasgesegregeerde gebiede te woon. Daar was baie vroue wat met woede, frustrasie en verontwaardiging op hierdie onbillike en onregverdige wette gereageer het. Baie van hierdie vroue het anti-apartheidsaktiviste geword, en hulle weerstand het hulle duur te staan gekom.

Gedurende die 1950's het vroue meer militant begin word, en in 1952 het die Versetveldtog baie vroue by burgerlike ongehoorsaamheid en aktivisme teen die onregverdige apartheidswette betrek. Gedeeltelik in reaksie op hulle ondervindings gedurende die Versetveldtog, is 'n nuwe vroue-organisasie in 1954 gevestig. Die Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue (FEDSAV) het vroue van alle rassegroepe, van verskeie organisasies, met inbegrip van die ANC, die SAIK (Suid-Afrikaanse Indiërkongres), die Non-European United Front, verskeie vakbonde en burgerlike organisasies verenig. Dit was 'n veelrassige vroue-organisasie wat onderwysers, verpleegsters en fabriekswerkers sowel as huisvroue ingesluit het. Hierdie vroue het hulle daaraan verbind om 'n Vrouehandves op te stel om ongelykheid te beëindig. Hierdie Vrouehandves het begin met die woorde:

> 'Ons, die vroue van Suid-Afrika, eggenotes en moeders, werkende vroue en huisvroue, Afrikane, Indiërs, blank en Kleurlinge, verklaar hiermee ons doelwit om te strewe na die verwydering van alle wette, regulasies, konvensies en gebruike wat teen ons as vroue diskrimineer en wat ons op enige manier ontneem van ons inherente reg tot die voordele, verantwoordelikhede en geleenthede wat die gemeenskap aan enige een deel van die bevolking bied.'

FEDSAV het in 1956 gesamentlik 'n 20 000 sterk optog na die Uniegebou in Pretoria gereël om teen die uitbreiding van die paswette na swart vroue te protesteer. Alhoewel hierdie veldtog nie tot die herroeping van die paswette gelei het nie, het die magsvertoon en eenheid deur vroue ander vroue aangemoedig om met die stryd voort te gaan. In die dekades wat gevolg het, het vroue voortgegaan om die droom van gelykheid en 'n demokratiese Suid-Afrika na te streef.

## LIGGAAM VAN DIE OPSTEL

Die mans en vroue wat in die bevrydingstryd betrokke was, het 'n swaar prys vir demokrasie en vryheid betaal:

> 'Dit was mense wat gesinne, tuistes, gemeenskappe en inkomste opgeoffer het. Hulle was nie saans vir slaaptyd en gehalte tyd tuis nie. Hulle was nie daar om te gesels na 'n slegte dag nie. Hulle het hulle ouers se begrafnisse en nefies en niggies se troues misgeloop. Vryheid is gewen deur hulle wat van 'n miskien gedroom het, 'n element van onsekerheid, 'n risiko'. (Naidoo, P., 2002:12).

Hierdie navorsingswerkopdrag fokus op 'hierdie mense'. Dit fokus in besonder op die vroue wat tyd saam met hulle kinders en gesinne opgeoffer het om die stryd teen apartheid te voer. Ek is van plan om te wys hoe hierdie vroue uit hulle tradisionele huishoudelike rolle getree het om 'n belangrike rol in die bevrydingsbeweging in Suid-Afrika te speel. Deur hulle ondervindings kan ons beter verstaan dat politieke vryheid teen 'n duur prys gekom het.

Vroue het baie verskillende rolle in die stryd gespeel. Hulle het hulle eie kinders, en ander se kinders grootgemaak, gewerk en huishoudings onderhou. Hulle het ook onderdruktes verdedig, nuwe organisasies gestig en die gesinne van politieke gevangenes en aangehoudenes ondersteun. Hulle het gehelp om organisasies, hospitale, kolleges en inrigtings te stig, werkloses gehelp, beurse vir die minderbevoorregtes gekry, protesoptredes georganiseer, konferensies bygewoon, in die buiteland gereis, en lesings gegee. Hulle is verban, in huisarres geplaas, aangehou, opgesluit, en in sommige gevalle doodgemaak omdat hulle op demokrasie en gelyke regte vir alle Suid-Afrikaners aangedring het.

**Albertina Sisulu** was een so 'n vrou. Sy was 'n verpleegster, 'n moeder, 'n eggenote, en het een van die belangrikste anti-apartheid politieke aktiviste geword, en haar titel, 'Moeder van die Nasie', verdien vir haar onbaatsugtige toewyding aan die vryheidstryd. Sy het ook leierskapsposisies in beide die ANC Vroueliga en die Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue aanvaar.

Albertina Sisulu het die eerste vrou geword wat volgens die *Algemene Wysigingswet* gearresteer is en vir twee maande in die tronk toegesluit is. In hierdie tyd is sy geteister en sielkundig uitgetart. Sy is in 1981 en 1985 in eensame aanhouding geplaas, verban, en aan huisarres onderwerp. Die boek, *Winnie Mandela, A Life,* vertel die verhaal van Albertina Sisulu se steun aan Winnie Mandela in die gevangenis:

> 'As gevolg van die verskriklike toestande en die skok van haar situasie, het sy begin bloei. Vreesbevange dat sy besig was om 'n miskraam te beleef, het Winnie op haar knieë neergesak en haar kop in haar hande laat sak. Albertina Sisulu, 'n opgeleide vroedvrou, het besef dat iets baie verkeerd was, en het die vroue wat rondom Winnie saamgedrom het uit die pad gestoot sodat daar genoeg plek vir haar was om te lê. Albertina het haar eie baadjie uitgetrek en dit om Winnie gevou om haar warm te hou, en streng instruksies gegee

 DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM 

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

> dat sy nie moes beweeg nie. Die eenvoudige, basiese sorg het gewerk, en Winnie se baba is gered.' (Du Preez Bezdrob, 2003:78)

Dit was 'n onwrikbare daad van medelye. Dit wys ook die kwesbaarheid van vroue-aktiviste tydens hulle stryd om vryheid.

As 'n 'onderhandelaar' in die politieke arena, het Albertina Sisulu internasionale netwerke en ondersteuningsbasisse vir die anti-apartheidsbeweging tot stand gebring. In die laat 1980's het sy 'n afvaardiging van die United Democratic Front (UDF)-leiers na Europa gelei vir 'n ontmoeting met die Britse Eerste Minister, Margaret Thatcher, en na die VSA om die VS-President, George Bush snr., te ontmoet om steun vir die bevrydingsbeweging te werf. Albertina Sisulu het in 1994 as 'n lid van die parlement in Suid-Afrika se eerste demokratiese regering gedien. Hierdie voorbeelde uit die lewensverhaal van Sisulu illustreer die rol wat vroue as aktiviste gespeel het, maar toon ook dat vroue met tye hulle onderdrukking anders as mans beleef het.

Nog 'n vrou wat 'n sleutelrol in die bevrydingstryd gespeel het, was **Fatima Meer**. Meer is in Durban gebore en was die dogter van 'n gewone winkelassistent, joernalis en redakteur van *Indian Views*. Durban is 'n multi-kulturele stad, en Meer het die Durban and District Women's League gestig om goeie verhoudings tussen Indiërs en Afrikane te vestig, en het deur hierdie organisasie 'n aantal maatskaplike welsynsprojekte van stapel gestuur.

Fatima Meer het in 1946 aan die passiewe weerstandsveldtog deelgeneem wat deur die Suid-Afrikaanse Indiërkongres teen apartheidswette georganiseer is. Sy het in 1952 deelgeneem aan die Versetveldtog wat deur die SAIK se vroeëre veldtog geïnspireer is, en vier jaar later in die vroue se antipasveldtog.

EcoleBooks

Fatima Meer was ook 'n goeie vriendin van Nelson en Winnie Mandela en het ses maande saam met Winnie Mandela in aanhouding deurgebring as gevolg van haar betrokkenheid by die Swart Vrouefederasie. In haar boek, *Higher than Hope,* onthou Fatima Meer dat Nelson Mandela nie eers van sy besluite met sy familie bespreek het nie, maar dit as vanselfsprekend aanvaar het dat hulle ondersteuning onvoorwaardelik sou wees. Daarom moet vroue ook erken word vir die rol wat hulle gespeel het en die manier waarop hulle gely het as gevolg van hulle eggenote en vaders se betrokkenheid in die weerstand teen die apartheidsregering.

Soos baie van haar manlike kamerade, is Fatima Meer vanaf 1952 tot 1954 verban volgens die *Wet op die Onderdrukking van Kommunisme.* Haar inperkingsbevel het haar bewegings beperk, en sy kon nie publiseer of aan enige politieke aktiwiteit deelneem nie.

Gedurende die 1960's was Fatima Meer 'n dosent by die sosiologiedepartemente van die Universiteite van Natal en die Witwatersrand (dit op sigself was 'n merkwaardige prestasie vir 'n vrou in daardie tyd), en sy het ook spesifiek in die onderwys belanggestel. In 1953 is die *Wet op Swart Onderwys* deur HF Verwoerd ingestel. Hierdie Wet het 'n vernietigende impak op die Suid-Afrikaanse swart bevolking gehad omdat dit 'n ongelyke, minderwaardige onderwysstelsel was. Swart kinders is opgevoed om ongeskoolde arbeiders te word en om minderwaardig te bly in die apartheidsamelewing. Meer was bewus daarvan dat daar 'n hoë ongeletterdheidsyfer onder Afrikane was, in die townships en plattelandse skole,

waar kinders min toegang tot formele onderwys gehad het. Om te voldoen aan die desperate behoefte aan onderwys van die Afrikabevolking, het sy skoolbouprogramme in Umlazi, Port Shepstone, Phambili en Inanda begin. Sy het ook 'n handwerksentrum in Phoenix gevestig en het later die Khanyisa-skoolprojek vir swart kinders en die Tembelihle Tutorial College gestig om swart studente in sekretariële vaardighede op te lei, en 'n handwerksentrum vir werkloses gestig om hulle te leer om naaldwerk en breiwerk te doen. Meer se projekte het gehelp om swart vroue te bemagtig deur hulle vaardighede te leer wat hulle toegelaat het om selfonderhoudend te wees en hulle eie werk te skep om hulle gesinne beter te kan onderhou.

Dit is duidelik dat Meer baie van haar menslike hulpbronne gekanaliseer het om te probeer om die gehalte van onderwys onder swart Suid-Afrikaanse kinders te verbeter, en sy het dit as belangrik beskou om te help om die droom van 'n Suid-Afrikaanse demokrasie te help realiseer.

Nog 'n groot vroue-aktivis was **Lilian Masediba Ngoyi**. Sy was die dogter van 'n myner en 'n huishulp. Sy het 'n belangrike rol in die stryd gespeel as 'n onderwyser, 'n aktivis, 'n verraadverhoorafwagtende, 'n vakbondleier, 'n stigterslid van FEDSAV en het later president van die ANC Vroueliga geword. Ezekiel Mphahlele het haar beskryf as 'die vroulike fabriekswerker wat tawwe graniet aan die buitekant is, maar diep binne haar sag en barmhartig is …' (Human, M.; Mutloatse & Masiza, J., 2006:63).

Lilian Ngoyi het ook 'n sleutelrol gespeel tydens die Versetveldtog toe sy gearresteer is omdat sy 'n poskantoor gebruik het wat vir wittes gereserveer was. Die prominente teenwoordigheid van vroue gedurende hierdie veldtog, sy-aan-sy met hulle manlike eweknieë, het die eenheid wat daar in die stryd teen onderdrukking in Suid-Afrika, geheers het, versterk.

As 'n stigterslid van die Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue (FEDSAV), het sy 'n sleutelrol gespeel in die organiseer van die antipasoptog in Pretoria in 1956. Die instelling van passe vir vroue was 'n aanval op vroue se huishoudelike rolle, hulle vermoë om na hulle kinders en hulle tuistes om te sien, wat baie in politieke aktivisme ingedwing het. In 'n brief aan die regering het FEDSAV die volgende verklaar:

> 'By 'n Kongres van Moeders wat in Augustus 1955 in Johannesburg gehou is, het die baie vroue teenwoordig 'n eenparige resolusie aanvaar dat 'n massa-afvaardiging van vroue van alle rasse na die Uniegebou gestuur sou word … As vroue sal ons protes aanteken, veral teen die voorgestelde uitbreiding van die passtelsel na swart vroue, en teen die behuisingsomstandighede waaronder baie duisende swart gesinne moet leef.'

Gedurende die vroue se opmars na die Uniegebou op 9 Augustus 1956, het die vroue die volgende beroemde woorde aan Eerste Minister Strijdom gesê:

**'WATHINT' ABAFAZI, WATHINT' IMBOKOTHO**
**JY HET TEEN DIE VROUE GESLAAN,**
**JY HET TEEN 'N ROTS GESLAAN'**

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Albert Luthuli, voormalige president van die ANC, het die krag van vroue gedurende die antipasmars na Pretoria beskryf deur te sê:

> 'Ons vroue het 'n groot rol gespeel in konferensies en betogings. Verder was vroue van alle rasse baie minder huiwering as mans wanneer dit by basiese sake kom wat hulle almal raak'
>
> (Luthuli, A., 2006:188).

Dit was 'n voorbeeld van waar vroue van alle rasse verenig het om die onderdrukkende apartheidsregering te weerstaan. Hierdie oogpunt is deur Albertina Sisulu versterk toe sy gesê het:

> 'Die 9de Augustus was vir ons 'n openbaring. In dié sin dat ons gedink het dat mans regtig maar die mense kon wees wat die pasboeke dra. Maar toe dit na ons kant toe gedraai het, het ons gevoel dat dit nou iets anders was. Al wat ons dus moes doen was om die vroue teen jou saam te trek, jy weet, teen die aanvaarding van die pasboeke vir vroue. Want ons het gesê, jy weet, ons het ons pasboeke, ons kinders om na te kyk, ons het dus nie nodig gehad om passe te dra soos mans nie. Ons het die probleem gesien wat die passe vir ons mans gemaak het – hulle is by die werk gearresteer en julle wag vir hom. Kom ons sê nee vir die pasboeke'
>
> (Human, M.; Mutloatse & Masiza, J., 2006:113).

Lillian Ngoyi is in 1956 vir hoogverraad in hegtenis geneem. Sy het baie tyd in eensame opsluiting deurgebring. 'n Uittreksel uit haar biografie beklemtoon die prys wat sy vir haar aktivisme teen die apartheidsregime betaal het:

EcoleBooks

> 'Die owerhede was vasbeslote om Lillian stil te maak en, in 1962, is daar verdere beperkings op haar gelê wat haar beperk het tot haar voorstad van Orlando in Soweto. Sy het so goed sy kon oorleef, en het naaldwerk van die huis af gedoen. Die Spesiale Tak (Veiligheidspolisie) het probeer om haar klante af te skrik deur hulle met die tronk te dreig, of hulle te beskuldig van ondermynende aktiwiteite …'
>
> (Aangehaal in Bottaro, J.; Visser, P. & Worden, N., 2012:206).

Vir Ngoyi se onbaatsugtige stryd teen die apartheidsregime, het die ANC die gesogte Isitwalandwe/Seaparankoe-toekenning aan haar gegee.

Een van die ander leiers in die 1956-vroueoptog na Pretoria was **Helen Joseph**. Joseph is in Engeland gebore en het in 1931 as onderwyseres Suid-Afrika toe gekom. Nadat sy in die lugmag in die Tweede Wêreld gedien het, het sy teruggekeer en vir die Klerewerkersunie gewerk as 'n maatskaplike welsynsbeampte. Hier het sy Solly Sachs ontmoet wat 'n kommunis was en deur Afrikaner-nasionaliste gehaat is vir die organisering van jong Suid-Afrikaanse vroue in 'n veelrassige Klerewerkersunie. Joseph het ook by die South African Congress of Democrats (SACOD) aangesluit, 'n organisasie wat by die ANC geaffilieer was, wat wit aktivisme teen apartheid aangemoedig het.

Voordat sy na Suid-Afrika verhuis het, het Joseph in Indië as 'n onderwyser gewerk, en het die betekenis agter die Hindoe-groet 'namaste' aangeneem (die God in my eer die God in jou). Indien God in elkeen is, hoe kan ons ooit diskrimineer, of nie almal help wat te na gekom word nie? Hierdie filosofie het haar beïnvloed om teen die ongelykhede van apartheid op te tree.

Helen Joseph het die geleentheid gehad om die klousules van die Vryheidshandves by die Congress of the People voor te lees, en het 'n sleutelrol gespeel in die vorming van FEDSAV en die vroue-optog in 1956. Saam ander anti-apartheidsaktiviste is Joseph gearresteer, van hoogverraad aangekla en in 1957 verban. Terwyl sy in die gevangenis was, het sy baie swaarkry en is verneder deur regeringsbeamptes, wat sy met moed en doelgerigte vasberadenheid gekonfronteer het. Die bewyse hieronder illustreer die krag en toewyding van hierdie vroue in die stryd om vryheid.

> Van die polisieselle is die vroue verskuif na die Fort, die gevangenis in Braamfontein wat heeltemal onvoorbereid was vir die skielike toestroming van so baie verhoorafwagtende gevangenes. Daar was nie genoeg komberse, slaapmatte, toilette of kos vir die vroue nie, en hulle het in die hoofsaal en op 'n tweedevloerbalkon rondgemaal terwyl hulle gewag het om geprosesseer te word. Hulle is in groepe ingedeel, beveel om te ontklee en te hurk sodat bewaarders 'n vaginale ondersoek kon doen vir smokkelgoedere. Die vroue is toe aangesê om weer aan te trek en is na die selle verwys – vuil, stinkend en met luise besmet.
>
> (Du Preez Bezdrob*,* 2003:77)

ÉcoleBooks

In die boek, *Winnie Mandela A Life*, sien ons die krag wat deur Helen Joseph en ander wat moeilike omstandighede verduur het in hulle stryd om bevryding, geopenbaar is. Sy het 'n goeie vriendin van Winnie Mandela geword en is as 'n moederfiguur beskou. Sy het aan ander advies en ondersteuning verskaf. Ons kan derhalwe haar rol as adviseur en vriend waardeer. Helen Joseph, saam met die Anglikaanse Kerk, het gereël dat diegene wat nie besoek kon word nie, geld per posorder van familielede kon ontvang. Haar rol kan beskou word as humanisties wat na ander uitreik wat in nood verkeer. Helen Joseph het die ANC se hoogste toekenning, die Isitwalandwe/Seaparankoe-medalje ontvang as simbool van integriteit en moed.

Die jongste leier van die 1956 Vroue-optog was **Sophie Williams**. Gebore in Port Elizabeth, het sy as 'n jong meisie in 'n tekstielfabriek gaan werk. Sy het gou bekend geword vir haar onderhandelingsvaardighede, en is as vakbondverteenwoordiger in die Tekstiel-werkersunie aangestel. Sy is as 'n leier geïdentifiseer toe sy nog 'n tiener was, en is in 1955 as die voltydse organiseerder vir die Coloured People's Congress in Johannesburg aangestel. In die 1960's het Williams haar eggenoot, Benny de Bruyn, in bannelingskap gevolg, waar sy vir die ANC in Zambië en Tanzanië gewerk het. Na jare van aktivisme in bannelingskap, het Williams in 1990 na Suid-Afrika teruggekeer toe opposisiepartye ontban is. Haar rol in die stryd het 'n ander pad gevolg as dié van daardie vroue wat in Suid-Afrika agtergebly het, maar sy het voortgegaan om 'n rol te speel in die stryd om 'n demokratiese Suid-Afrika.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

## GEVOLGTREKKING

Om die sleutelvraag oor hoe verskillend die rol van vroue as dié van mans was gedurende die stryd teen apartheid te beantwoord, het ek die rolle wat deur sommige van die belangrikste Suid-Afrikaanse vroue gespeel is, uitgelig. In 'n poging om dit te doen, het ek gekyk na die strategieë wat hulle gebruik het en die verskillende vorme van protes wat deur vroue onderneem is, in vergelyking met mans. Daar was baie ander vroue wat 'n belangrike rol in die bevrydingstryd gespeel het, byvoorbeeld Ray Alexander, Elizabeth Mafekeng, Frances Baard, Mabel Balfour, Mary Moodley, Liz Abrahams, Viola Hashe, Rita Ndzanga en Phylis Naidoo. Baie ander vroue, gewone moeders, eggenotes en werkers wat nie buite hulle eie gemeenskappe bekend was nie, die onbesonge heldinne van die stryd, het ook 'n baie belangrike rol gespeel. As gevolg van gebrek aan spasie kon ek nie meer voorbeelde in hierdie navorsingsprojek bespreek nie.

Ek het geïdentifiseer hoe verskillende Suid-Afrikaanse vroue die Nasionale Party-regering uitgedaag het, en eindelik suksesvol was. In sy boek, *Let My People Go,* het Albert Luthuli die vroue van Afrika uitgebeeld as ' 'n formidabele vyand van die onderdrukking' (Luthuli, A., 2006:187). In my navorsingswerkopdrag blyk dit duidelik dat die krag en vasberadenheid wat deur vroue geopenbaar is, hulle mans, broers, seuns en kamerade wat langs hulle geveg het gedurende die vryheidstryd en die Nasionale Party-regering uitgedaag het, geïnspireer en aangemoedig het. Luthuli het die volgende profetiese waarneming gemaak:

> Daar sal enorme, vreedsame verandering in Suid-Afrika kom, voor die einde van hierdie eeu. Mense van alle rasse sal uiteindelik in harmonie saamwoon, want niemand, nie wit, swart of bruin nie, wil hierdie pragtige land van ons vernietig nie. Vroue moet 'n toenemend belangrike rol op alle gebiede van die lewe van die toekoms speel. Hulle was, en bly, die lojaalste ondersteuners in ons stryd. (Luthuli, A, 2006: p.xxii).

EcoleBooks

Hierdie aanhaling is van een van ons vier Suid-Afrikaanse Nobelpryswenners en erken die belangrike rol wat deur vroue in alle sfere van die lewe gespeel is. Gedurende die apartheidsjare het vroue verskeie rolle gespeel – as eggenotes, moeders, werkers en aktiviste. Die rol wat hulle in die bevrydingstryd gespeel het, moet nooit vergeet word nie. Suid-Afrika salueer alle vroue.

## EVALUERING EN BESINNING

Ek het baie geleer uit die skryf van hierdie werkopdrag. Ek het nie geweet dat vroue so 'n groot rol in die stryd gespeel het nie, of dat hulle so swaar gekry het nie. Om hierdie navorsingsprojek te skryf was baie moeilik, en ek moes my tyd baie goed organiseer. Ek het die plaaslike biblioteek gebruik, en dit het my lank geneem om te lees en al my notas te organiseer. My onderwyser het nuttige kommentaar gelewer op beide my eerste en tweede konsepte van hierdie projek, wat my rigting en fokus gegee het. Ek het my materiaal geherorganiseer en harder probeer om die lewensverhale van die vroue wat ek gekies het om te bestudeer, te gebruik om die sleutelvraag te beantwoord. Ek dink dat ek meer moes gesê het oor hierdie vroue se familielewe, maar dit was taamlik moeilik om inligting te vind, en tyd en spasie het my ingehaal. Ek het dit geniet om hierdie werkopdrag na te vors en te skryf, alhoewel dit baie tyd in beslag geneem het.

**BIBLIOGRAFIE**


Angier, K. (et al), *Viva History Grade 12: Learner's Book.* (Johannesburg: Vivlia, 2013).

Bottaro, J.; Visser, P. & Worden, N., *In Search of History. Grade 11 Learner's Book.* (Kaapstad: Maskew Miller Longman (Pty) Ltd, 2012).

Du Preez Bezdrob, A.M., *Winnie Mandela a life. (*Paarl: Paarl Printers, 2003).
Friedman, M.; Saunders, C.; Jacobs, M.; Seleti, Y.; & Gordon, J., *Looking into the Past. Grade 11 Learner's Book*. (Kaapstad: CTP Printers, 2011).

Human, M.; Mutloatse, M.; Masiza, J., *The Women's Freedom March of 1956. (*Johannesburg: Pan McMillan (Pty Ltd), 2006).

Light, J. & Johanneson, B., *Celebrating Women in South African History (www.sahistory.org.za,)* (DBO, 2012).

Luthuli, A., *Let My People Go, The Autobiography of Albert Luthuli. (*Paarl: Paarl Printers, 2006).

Naidoo, P., *Footprints in Grey Street. (*Durban: Ocean Jetty Publishing, 2002).
Pillay, G. (et al), *New Generation History Grade 12: Learner's Book.* (Durban: Interpak Printers, 2013).

Shaw, G., *Believe in miracles, South Africa from Malan to Mandela – and the Mbeki era.* (Paarl: Paarl Printers, 2007).

Verkry van: http://heritage. The times.co.za/memorials/gp/Lilian Ngoyi/article op 4 Junie 2013.

Verkry van: http:// www.sahistory.org.za/people/professor Fatima Meer op 4 Junie 2013.

Verkry van: http:// www.sahistory.org.za/people/lillian-masediba-ngoyi op 4 Junie 2013.


ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

## ASSESSERINGSRUBRIEK

| KRITERIA | VLAKBESKRYWINGS | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **VLAK 4** | **VLAK 3** | **VLAK 2** | **VLAK 1** |
| **Kriterium 1**<br><br>**Beplanning (10 punte)** | **8 – 10**<br>Toon **deeglike/ uitstekende** begrip van beplanning (duidelike navorsingskedule verskaf). | **5 – 7**<br>Toon **voldoende** begrip van beplanning. | **3 – 4**<br>Toon **'n bietjie** begrip van beplanning. | **0 – 2**<br>Toon **min of geen** begrip van beplanning. |
| **Kriterium 2**<br><br>**Identifiseer en benut 'n verskeidenheid bronne van inligting (20 punte)** | **16 – 20**<br>Toon **deeglike/ uitstekende** begrip van die identifisering en benutting van bronne van inligting . | **10 – 15**<br>Toon **voldoende** begrip van die identifisering en benutting van bronne van inligting. | **5 – 9**<br>Toon **'n bietjie** begrip van die identifisering en benutting van bronne van inligting. | **0 – 4**<br>Toon **min of geen** begrip van die identifisering en benutting van bronne van inligting nie. |
| **Kriterium 3**<br><br>**Kennis en begrip van die periode (10 punte)** | **8 – 10**<br>Toon **deeglike/ uitstekende** kennis en begrip van die periode. | **5 – 7**<br>Toon **voldoende** kennis en begrip van die periode. | **3 – 4**<br>Toon **'n bietjie** kennis en begrip van die periode. | **0 – 2**<br>Toon **min of geen** kennis en begrip van die periode nie. |
| **Kriterium 4**<br><br>**Historiese navraag, interpretasie & kommunikasie (Opstel) (30 punte)** | **24 – 30**<br>Toon **deeglike/ uitstekende** begrip van hoe om 'n samehangende argument te skryf uit die bewyse wat versamel is. | **14 – 23**<br>Toon **voldoende** begrip van hoe om 'n samehangende argument te skryf uit die bewyse wat versamel is. | **7 – 13**<br>Toon **'n bietjie** begrip van hoe om 'n samehangende argument te skryf uit die bewyse wat versamel is. | **0 – 6**<br>Toon **min of geen** begrip van hoe om 'n samehangende argument te skryf uit die bewyse wat versamel is nie. |
| **Kriterium 5**<br><br>**Aanbieding (10 punte)** | **8 – 10**<br>Toon **deeglike/ uitstekende** bewys van hoe om nagevorsde inligting op 'n gestruktureerde manier aan te bied (bv. Voorblad, inhoudsopgawe, navorsingsonderwerp). | **5 – 7**<br>Toon **voldoende** bewys van hoe om nagevorsde inligting op 'n gestruktureerde manier aan te bied (bv. Voorblad, inhoudsopgawe, navorsingsonderwerp) . | **3 – 4**<br>Toon **'n bietjie** bewys van hoe om nagevorsde inligting op 'n gestruktureerde manier aan te bied (bv. Voorblad, inhoudsopgawe, navorsingsonderwerp). | **0 – 2**<br>Toon **min of geen** bewys van hoe om nagevorsde inligting op 'n gestruktureerde manier aan te bied (bv. Voorblad, inhoudsopgawe, navorsingsonderwerp) nie. |
| **Kriterium 6**<br><br>**Evaluering & besinning (10 punte)** | **8 – 10**<br>Toon **deeglike/ uitstekende** begrip van evaluering en besinning oor die navorsingswerk-opdrag-proses (bv. Wat die kandidaat geleer het uit die onderneem van die navorsing). | **5 – 7**<br>Toon **voldoende** begrip van evaluering en besinning oor die navorsingswerkopdrag -proses (bv. Wat die kandidaat geleer het uit die onderneem van die navorsing). | **3 – 4**<br>Toon **'n bietjie** begrip van evaluering en besinning oor die navorsingswerkopdrag-proses (bv. Wat die kandidaat geleer het uit die onderneem van die navorsing). | **0 – 2**<br>Toon **min of geen** begrip van evaluering en besinning oor die navorsingswerkopdrag -proses (bv. Wat die kandidaat geleer het uit die onderneem van die navorsing) nie. |
| **Kriterium 7**<br><br>**Erkenning van bronne**<br><br>**(10 punte)** | **8 – 10**<br>Toon **deeglike/ uitstekende** begrip van die erkenning van bronne (bv. Voetnotas, verwysings, plagiaat). | **5 – 7**<br>Toon **voldoende** begrip van die erkenning van bronne (bv. Voetnotas, verwysings, plagiaat). | **3 – 4**<br>Toon **'n bietjie** begrip van die erkenning van bronne (bv. Voetnotas, verwysings, plagiaat). | **0 – 2**<br>Toon **min of geen** begrip van die erkenning van bronne (bv. Voetnotas, verwysings, plagiaat) nie. |

**TOTAAL = 85/100**

**NAAM VAN LEERDER:** ___________________________________
**GRAAD:** _______________________

**FINALE PUNTETOEKENNING**

| Kriteria | TOTALE PUNTE | LEERDER SE PUNTE |
|---|---|---|
| **Kriterium1 Beplanning** | 10 | 8 |
| **Kriterium 2 Identifiseer en gebruik 'n verskeidenheid bronne** | 20 | 18 |
| **Kriterium 3 Kennis en begrip van die tydperk** | 10 | 8 |
| **Kriterium 4 Historiese navraag, interpretering en kommunikasie (Opstel)** | 30 | 25 |
| **Kriterium 5 Aanbieding** | 10 | 8 |
| **Kriterium 6 Evaluering & besinning** | 10 | 8 |
| **Kriterium 7 Erkenning van bronne** | 10 | 10 |
| **TOTAAL** | 100 | 85 |

**KOMMENTAAR:**
Die geskrewe stuk is goed nagevors en geskryf – uitstekende werk. Jy het 'n baie goeie poging aangewend om 'n argument te formuleer en dit vol te hou met betrekking tot die sleutelvraag. Jy het 'n verskeidenheid bronne gebruik om die argument te staaf, wat uitstekend is.

Hierdie navorsing kon egter versterk gewees het indien visuele bronne op die gepaste plekke gebruik was, om jou historiese narratief aan te vul. Ten slotte, alhoewel jy na die sleutelvraag terugverwys op plekke, neig jy om te fokus op die afsonderlike stryd van vroue, en nie hoe hulle 'sy-aan-sy' met die mans geveg het soos in die vraag genoem nie. Ek is bly dat jy hierdie navorsingsprojek geniet het. Goed gedoen!

**ONDERWYSER SE HANDTEKENING:**___________________________________

**DATUM:** ____________________________________________________


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

## 7. RIGLYNE VIR LEERDERS EN ONDERWYSERS: VOORBEELDANTWOORDE: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1

1.1

1.1.1 Die apartheidsregering het UNITA (Nasionale Unie vir die Algehele Onafhanklikheid van Angola) gedurende die Angolese Burgeroorlog ondersteun. ✓

1.1.2 Angolese ekonomiese aanlegte wat geteiken is deur die SA Weermag was die olie- en spoorweg- en haweaanlegte; ysterertsmyne, kraglyne en fabrieke.✓ ✓✓✓

1.1.3 Die apartheidsregering het deur die MPLA bedreig gevoel omdat dit veelrassig was, en derhalwe die maatskaplike- en rassebeleide van apartheid ondermyn het. ✓✓ Tweedens, het dit die ANC-opleidingsbasisse openlik ondersteun, en daardeur die bevrydingsgroepe ondersteun wat gepoog het om die apartheidsregime te vernietig, d.i. die vyande van die SA apartheidsregering ondersteun.✓✓ Derdens, die MPLA het SWAPO, die Namibiese bevrydingsgroep wat teen die SA magte in Suidwes-Afrika geveg het en politieke bevryding van die dominering van SA nagestreef het, ondersteun. ✓✓

1.1.4 Gedurende die Angolese Burgeroorlog, het die SA leër Angola binnegeval ter ondersteuning van die UNITA (pro-kapitaliste)-rebellegroep wat probeer het om die regerende MPLA-regering omver te gooi. Die SA leër het 'n gebied na-aan die hoofstad bereik en UNITA-magte het hulle gevolg, en dorpe ingeneem wat die SA magte reeds oorval het en die plaaslike MPLA-regerende groepe verslaan het. Die land is dus bedreig deur 'n totale staatsgreep deur die SA ondersteunde, pro-kapitalistiese UNITA-magte. In hierdie konteks het die MPLA-regering geen ander opsie gehad as om die hulp van die Kommunistiese blok te vra nie, om die inval van SA-troepe en die omverwerping van die MPLA deur UNITA te stuit. ✓✓✓

1.2

1.2.1 Die boodskap wat deur die spotprent oorgedra word, is dat die USSR, as Kersvader in sy slee, vrygewig besig is om wapens aan die MPLA uit te deel, soos wat Kersvader vrygewig geskenke met Kerstyd geskenke uitdeel. ✓✓ Hierdie wapens sal gebruik word om die UNITA- en FNLA-magte in die Angolese burgeroorlog te vernietig – aangesien daar 'n woordspeling is op die word 'sleigh'- dit word as 'slay' geskryf, d.i. om dood te maak. ✓✓

1.2.2 Dit kan tot 'n groot mate, as bevooroordeeld beskou word, aangesien dit kom uit die spotprentargiewe van Groot Brittanje, wat kapitalisme en demokrasie gedurende die Koue Oorlog-tydperk toe die Angolese burgeroorlog ook plaasgevind het, ondersteun het. ✓✓ Dit toon dus die USSR in 'n negatiewe lig as 'n 'bose Kersvader' wat wapens bring om dood en verwoesting te veroorsaak in sy poging om die kommunisme in Afrika te versprei deur sy ondersteuning van politieke groepe in Afrika. ✓✓

1.3

1.3.1 Die Sowjetunie ✓en Kuba✓

1.3.2 Dit is 'n ekonomiese stelsel waardeur die regering al die produksiemiddele beheer, waar vrye onderneming verbied word en individuele vryheid minder belangrik as die belange van die gemeenskap is. ✓✓

1.3.3 Vorster het gevoel dat swart Angolese besig was om uitgebuit te word deur die begeerte van kommunistiese Kuba om kommunisme in Angola te versprei ✓✓ en dus nie ondersteun word in hulle poging om onafhanklikheid as swart Angolese nie. Hy het gevoel dat die Kubane waarskynlik in Angola sou bly met die doel om Angola as 'n afspringplek of basis te gebruik vanwaar kommuniste na ander Afrikalande in die streek kon uitbrei en so voortgaan om Angola se beleid te beïnvloed.✓✓

1.3.4 Die Angolese Burgeroorlog het tydens die Koue Oorlog plaasgevind, toe kapitalistiese en kommunistiese ideologieë in konflik was in baie dele van die wêreld. In Suid-Afrika het die regering SWAPO en die ANC as kommuniste voorgehou, en kommunisme as antichristelik en ondemokraties is uitgebeeld. Vorster het die term 'kommunis' herhaaldelik in hierdie onderhoud gebruik om Suid-Afrika se betrokkenheid in die Angolese burgeroorlog te regverdig. ✓✓

1.4

1.4.1 'terroriste' ✓; 'barbare' ✓

1.4.2 Die SABC het hulle dood geregverdig deur dit te laat lyk asof hulle gesterf het terwyl hulle 'n 'heilige oorlog' geveg het om die beskawing te beskerm en onderhou, en Christenwaardes te behou ✓✓ en die oorname van SWA deur die 'barbaarse' SWAPO-'terroriste', wat op dood en vernietiging gefokus was, te voorkom. ✓✓

1.4.3 Bron 1D sou baie bruikbaar vir 'n geskiedkundige wees wat die gebruik van propaganda navors, omdat die bron die gebruik van negatiewe, emosionele woorde soos 'terroris' en 'barbaars' gebruik wanneer SWAPO beskryf word. ✓✓ Dit toon ook hoe die SA Weermag se deelname en binneval van Angola geregverdig word as 'n 'heilige oorlog' wat geveg is om Christenwaardes te beskerm en die beskawing in stand te hou. Dit toon hoe die SA publiek geïndoktrineer is om die optrede van die SA Weermag as moreel korrek te ondersteun ✓✓ (eerder as om te openbaar dat hulle hoofdoelwit was om die wit minderheidsregering in Suid-Afrika en Namibië te verdedig).

1.5 Suid-Afrika het betrokke geraak by die Angolese burgeroorlog in 'n poging om die Marxistiese MPLA-party te verwyder, wat hulself gevestig het as die regering na die Portugese koloniste in 1974 uit Angola onttrek het. SA wou 'n pro-kapitalistiese, onafhanklike Afrikaland op sy grens skep, omdat dit waarskynlik nie die ANC en SWAPO sou ondersteun het en nie hulle opleidingsbasisse op Angolese grondgebied sou toelaat nie. SA het dus na onafhanklikheid Angola binnegeval, en UNITA ondersteun in die burgeroorlog wat uitgebreek het voor verkiesings gehou kon word. Suid-Afrika wou 'n pro-kapitalistiese regering in Angola vestig wat die kapitalistiese apartheidsregering in SA sou ondersteun. 'n Konvensionele oorlog is in Angola gevoer en sy ekonomiese infrastruktuur is vernietig om die MPLA-regering te verswak en die UNITA-beweging in staat te stel om oor te neem. Omdat die MPLA die kommunistiese Oosblok genader het om hulp in hierdie situasie, het SA homself voorgehou as die bastion van Christenwaardes en beskawing, en sy inval in Angola as 'n legitieme oorlog om die Suidelike

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Afrikaanse streek te beskerm teen 'terroriste' en 'barbare', omdat die MPLA die ANC- en SWAPO-basisse in Angola ondersteun het. ✓✓✓✓✓✓✓✓

Vlak 3
- Gebruik relevante bewyse, bv. toon 'n deeglike begrip van hoekom Suid Afrika in die Angolese burgeroorlog betrokke geraak het.
- Bewyse het goed betrekking op die onderwerp.
- Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. **[50/50]**

## VRAAG 2

2.1
2.1.1 Van 15 tot 18 April 1996. √
In Oos-Londen. √
2.1.2 Dit beteken om mense van verskillende rasse bymekaar te bring na die gruweldade van apartheid. √√
2.1.3 Die WVK het die slagspreuk 'genesing van die verlede' gebruik omdat die erge menseregtevergrype wat baie, veral swart Suid-Afrikaners ondervind het, nie vergeet kon word nie. Dit moes ondersoek word sodat 'slagoffers' en 'oortreders' mekaar in die oë kon kyk, wat uiteindelik 'n proses van genesing sou teweegbring. √√
2.1.4 Dit was belangrik omdat daar vir die eerste keer in Suid-Afrika na apartheid 'n werklike poging aangewend is om Suid-Afrika se pynlike verlede te hanteer sodat 'n verenigde nasie gevorm kon word. √√√

2.2
2.2.1 Dirk Coetzee√, Almond Nofomela, √ David Tshikilange√
2.2.2 Griffiths Mxenge is geslaan, met 'n mes gesteek, en met 'n wielsleutel op die kop geslaan. √√
Hy het op die grond geval en gesterf as gevolg van hierdie ernstige wonde. √√
2.2.3 Volgens wet is die vonnisoplegging van die drie apartheidsagente uitgestel omdat die WVK nie tot 'n finale besluit gekom het nie. √√
Die WVK het gewag vir die Amnestiekomitee om te sê wat om te doen met betrekking tot die drie apartheidsagente. √√

2.3
2.3.1 Die WVK was tevrede met die redes wat deur die drie apartheidsagente gegee is vir die gruwelike menseregtevergrype wat hulle gepleeg het omdat hulle polities gemotiveerd was. Hulle het opgetree onder direkte opdrag van 'n paar Nasionale Party-leiers, en verder, dat hulle betrokke was by die stryd teen die ANC. √√
2.3.2 Amnestie is toegestaan aan al drie polisielede, en dit was dus nie nodig vir die hof om voort te gaan met vonnisoplegging nie. √√

2.4 Die bronne sou nuttig wees om die volgende redes:
(a) Bron 2B gee inligting omtrent die mans wat eintlik verantwoordelik was vir die moord op Mxenge. √√
(b) Bron 2C gee 'n oorsig van die rol van die Amnestiekomitee in die uitvoer van deeglike ondersoeke na die optrede van die drie apartheidsagente, en hoe hulle seniors die opdrag gegee het om Mxenge te laat doodmaak. √√

**VRAAG 3**

3.1

3.1.1 Globalisering verwys na 'n geïntegreerde stelsel waardeur verskillende lande van die wêreld met mekaar handel dryf om hulle ekonomiese en politieke bande 'n hupstoot te gee. Dit word grotendeels beïnvloed deur tegnologiese vooruitgang. √√

3.1.2 Negatiewe integrasie √
Positiewe integrasie √

3.1.3 Dit sal daartoe lei dat baie ontwikkelende Afrikalande goedere soos elektroniese motoronderdele, klere, ens. invoer wat goedkoper ingevoer kan word as wat betaal sou word vir soortgelyke goedere wat in Afrika geproduseer word. √√
Die invoer van goedkoop goedere kan dan tot verhoogde werkloosheid lei in bedrywe wat in Afrikalande geleë is. √√

3.2

3.2.1 Vrye handel √; kommunikasie √; uitkontraktering √

3.2.2 Vrye handel – Vir ontwikkelende ekonomieë sal 'vrye handel' 'n negatiewe impak hê omdat regerings nie in staat sal wees om plaaslike nywerhede te beskerm teen monopolisering, arbeidsmakelaars en lae lone nie. √√
Kommunikasie en die gebruik van tegnologie – positiewe effek. Dit het verseker dat internasionale sportgebeure soos die sokker-, rugby- of krieket-wêreldbekertoernooie wat in Suid-Afrika gehou is, uitgesaai kon word na verskeie lande dwarsdeur die wêreld. √√
Uitkontraktering – negatiewe impak. Groot maatskappye probeer voortdurend om winste te verbeter en koste te sny, en neem dan gewoonlik nie-permanente personeel in diens. Dit lei tot die verandering na 'n geleentheidswerkkultuur in arbeid, met negatiewe gevolge vir werkers. √√

3.3

3.3.1 Hulle het gevoel dat globalisering verskeie positiewe voordele sou lewer op verskeie ekonomiese en nie-ekonomiese gebiede. √√

3.3.2 Vrye handel √
Voordele op verskeie ekonomiese en nie-ekonomiese gebiede. √

3.3.3 Hierdie opname is slegs in die hoofsaaklik 'Groep van 20'-lande wat in Europa, Noord-Amerika en Asië geleë is, gedoen. Die opinies van mense van baie ander lande is nie oorweeg nie. √√√

3.4

3.4.1 Toename in kinderarbeid en slawerny; √ hoë vlakke van besoedeling; √ die rykes word ryker en die armes word armer; √
Kitskos is besig om mense ongesond te maak √

3.4.2 Globalisering het gelei tot die skepping van monopolieë, en dit het 'n onregverdige verspreiding van welvaart tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande. √√

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

3.5 Hierdie bronne sou nuttig wees vir 'n geskiedkundige wat globalisering bestudeer, om die volgende redes:
Bron 3C is 'n meningspeiling oor globalisering en dit verskaf die menings van mense uit 'n verskeidenheid lande. Dit verskaf insig oor die menings van mense in ontwikkelde en ontwikkelende lande oor globalisering. √√
Bron 3D bied insig in die negatiewe aspekte van globalisering. √√

3.6

3.6.1 Die afwesigheid van vakbonde in party lande, en daarom die verwysing na 'werkers se stemme' op die banier. 'Vrye ekonomieë' verwys na die verwydering van handelsversperrings deur die WHO wat armoede verskans; √ globale onregverdigheid. √

3.6.2 'Globale onregverdigheid' verwys na die onregte wat deur mense wat meestal in ontwikkelende lande in Afrika en elders woon gely word, wat volgens hulle veroorsaak is deur die WHO. √√

3.7 Die bronne 3D en 3E ondersteun mekaar op die volgende maniere:
Bron 3A – praat oor die negatiewe impak van globalisering in alle lande van die wêreld √√ en Bron 3D ondersteun hierdie oogpunt deur 'n visuele beeld te toon van aktiviste wat teen die WHO protesteer. √√

3.8 Globalisering behels 'n wêreldwye integrasie van die verskillende ekonomieë, met gebruik van die vooruitgang wat in tegnologie gemaak is. Na die val van kommunisme in 1989, het Rusland by die sleutelontwikkelaars soos die VSA, Japan en Wes-Europa aangesluit in die wêreld van handel en ekonomie. Globalisering het beide positiewe en negatiewe gevolge op die wêreld. Aan die positiewe kant het sommige, hoofsaaklik ontwikkelde lande, gebaat by kommunikasie en handel. Hulle het vooruitgang gemaak in tegnologie en infrastruktuur. Nie alle lande het egter by globalisering gebaat nie. Arm en ontwikkelende lande het nog nie werklik uit globalisering voordeel getrek nie. Hulle staar armoede, uitbuiting, kinderarbeid en onderontwikkeling in die gesig. Daar is 'n groeiende digitale kloof tussen lande met toegang tot nuwe tegnologie, en lande daarsonder. Die nuwe wêreldorde het derhalwe beide positiewe en negatiewe gevolge. √√√√√

Vlak 2 – Bewyse is meestal relevant en verwys hoofsaaklik na die onderwerp. Gebruik bewyse op 'n basiese manier. Daar is gapings in kennis.

**47**
**50**

## 7. RIGLYNE VIR LEERDERS EN ONDERWYSERS: VOORBEELDANTWOORDE – OPSTELVRAE

### VRAAG 1B: VIËTNAM

**' ... Al die militêre mag van 'n supermoondheid kon nie 'n klein nasie van kleinboere verslaan nie.'**

**Bespreek hierdie verklaring krities in die lig van die Verenigde State van Amerika se betrokkenheid in Viëtnam tussen 1965 en 1975. Gebruik relevante voorbeelde om jou antwoord te staaf.**

Toe die VSA in Viëtnam betrokke geraak het, was dit vir al die regte redes volgens die opinies wat Amerika gehuldig het met betrekking tot kommuniste. As gevolg van die VSA se veel beter hulpbronne en tegnologie, het hulle verwag dat dit 'n vinnige oorwinning oor Noord-Viëtnam sou wees. Die uitkoms was baie verskillend van hulle verwagtings. Hierdie opstel verduidelik die redes vir die feit dat die VSA onverwags verslaan is.

Amerika het in die oorlog teen Noord-Viëtnam betrokke geraak om die verspreiding van kommunisme te voorkom. As 'n kapitalistiese land, was die VSA teen enigiets kommunisties. Een van hulle doelstellings was om te doen wat hulle kon om kleiner, swakker lande teen infiltrasie van die kommunistiese ideologie te beskerm. Die VSA het die domino-effek gevrees, en geglo dat hulle 'n verantwoordelikheid gehad het om die kapitalistiese Suid-Viëtnam teen oorname deur kommunistiese Noord-Viëtnam te beskerm, wat deur China en die USSR ondersteun is.

Die VSA het geglo dat dit 'n maklike oorlog teen Noord-Viëtnam sou wees. Hulle het beter hulpbronne tot hulle beskikking gehad, gesofistikeerde wapentuig, en innoverende tegnologie. Dit was bedoel om gou klaar en verby te wees. Niemand kon voorsien het wat op hulle gewag het nie. Een rede vir die VSA se nederlaag was dat Viëtnam 'n digbebosde land was, wat nie die Amerikaners veel geleentheid gegee het om hulle hoogs gevorderde wapentuig te gebruik nie, wat nog te sê om maklik rond te beweeg nie. Die Noord-Viëtnamese het taktiek en guerrilla-oorlogvoering gebruik wat hierdie omstandighede tot hulle voordeel benut het.

Die Noord-Viëtnamese het geveg om hulle onafhanklikheid te behou. Hulle wou Noord- en Suid-Viëtnam in een kommunistiese land verenig. Baie mense in Suid-Viëtnam het die Noord-Viëtnamese ondersteun – hulle is die Viëtkong genoem. Die Viëtnamese was gesoute veterane, nadat hulle 'n suksesvolle oorlog teen Franse kolonialisme en Japannese besetting gedurende die Tweede Wêreldoorlog gevoer het. Hulle het guerrillataktiek teen die VS-troepe gebruik soos lokvalle, tref-en-trap, en hulle vermoë om met die burgerlikes saam te smelt het die VS-troepe erg gefrustreer, en tot baie verlies aan lewens vir die VS gelei. In teenstelling het die VS-weermag meestal onervare, dienspligtige soldate gebruik. Die gemiddelde ouderdom van die VS-soldate wat in Viëtnam geveg het, was 19 jaar. Die VS troepe het gou moed en moraal verloor, omdat hulle besig was om 'n oorlog te veg vir 'n land wat nie aan hulle behoort het nie, en vir 'n saak waarin hulle nie geglo het nie.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Die groot lewensverliese en die hopelose situasie het ook kritiek en gebrek aan ondersteuning tuis tot gevolg gehad. Daar was protesoptogte om die oorlog te beëindig en die jong mans huis toe te stuur. Die Viëtnamese oorlog was die eerste oorlog wat gebeeldsend is. Beelde van brandende dorpies en sterwende burgerlikes is tot in gewone Amerikaners se huise uitgesaai, en hulle het ondersteuning vir die oorlog verloor. Betogings en optogte, wat die oorlog en die regering gekritiseer, het, is regoor die VSA gehou.

Die VS, in hulle frustrasie, het onortodokse maatreëls gebruik om die oorhand te kry. Hulle het goed soos napalm teen vyandige soldate gebruik. Burgerlikes tuis was ook aan die ontvangkant, want hierdie napalm het alles waarmee dit in aanraking gekom het tot as verbrand. Hulle het chemikalieë soos 'Agent Orange' gebruik wat 'n ontblaarder was om die blare van bome te verwyder, wat moes keer dat die Viëtkong dit as beskutting te gebruik. Dit is later bewys dat hierdie 'Agent Orange' die oorsaak van verskeie kankers en geboortedefekte was, wat wydverspreid in Viëtnam voorgekom het. Vir al hierdie dinge het Amerika onder baie kritiek van die wêreld deurgeloop, en mense het vir hulle respek verloor as 'n land wat vir die goeie gestaan het, veral as gevolg van brutale tonele waarby burgerlikes betrokke was.

Amerika het uiteindelik die oorlog verloor en hulle doelstelling om die verspreiding van kommunisme te stuit, het dus nie gerealiseer nie. Die oorlogspoging het baie gekos, nie net aan materiële hulpbronne nie, maar ook aan lewensverlies. Met die oorlog verloor, was baie mense krities teenoor Amerika en sy betrokkenheid daarby. Hulle het die verlies aan lewens en hulpbronne gesien as deel van die gruweldade wat in Viëtnam gepleeg is, en baie veterane was spyt dat hulle ooit in Viëtnam geveg het.

Die VSA het verwag om 'n vinnige oorwinning teen Noord-Viëtnam te bereik, maar ten spyte van beter wapens, het hulle verloor teen een van die kleinste lande in die wêreld. Daar was baie redes waarom die VSA hierdie oorlog verloor het, maar die verlies aan ondersteuning van die Amerikaanse bevolking en die vasberadenheid van die Viëtnamese mense om hulle onafhanklikheid te wen, het 'n belangrike rol gespeel.

EcoleBooks

**Kommentaar:**

- Die vraag is beantwoord en die inhoudseleksie is relevant tot die argument.
- Die opstel is beplan en 'n argumentslyn is ontwikkel.
- Bewyse is gebruik om die argument te staaf.
- Hierdie opstel kon verbeter geword het deur meer versigtig te beplan voordat dit geskryf is. Elke paragraaf moet een duidelike idee bevat van waarom die VSA die oorlog teen Noord-Viëtnam verloor het. Relevante bewyse moet gebruik word om die argument te staaf.

| C | L7 |
|---|---|
| P | L7 |

<u>50</u>
50

## VRAAG 5: DIE ONDERHANDELDE SKIKKING EN DIE REGERING VAN NASIONALE EENHEID

**Allister Sparks redeneer dat die proses van onderhandeling 'altyd 'n krisis-gedrewe proses' was.**

**Assesseer krities Allister Sparks se stelling krities met verwysing na die onderhandelingsproses in Suid-Afrika tussen 1990 en 1994.**

Allister Sparks se bewering dat die onderhandelingsproses 'krisisgedrewe' was, is tot 'n groot mate akkuraat. Die jare 1990 tot 1994 was 'n stormagtige politieke reis. Die vrylating van Mandela en politieke gevangenes (1990) in samewerking met ander positiewe maatskaplike hervormings het die onderhandelingsbal aan die rol gesit. Vir elke prestasie van die onderhandelingsproses was daar egter 'n gewelddadige gebeurtenis wat die fondament daarvan in gevaar gestel het. Onderhandelings en oplossing het nogtans volgehou, en in net vier kort jare het die land beweeg van 'n beleid van verdeling tot een van demokrasie. Die ANC en die NP was die hoofrolspelers in die proses, maar baie ander organisasies was ook betrokke.

Samesprekings het op 2 Mei 1990 tussen Mandela (ANC) en De Klerk (NP) begin. Die hoofdoelwit van hierdie samesprekings was om die beginsels vir die vrylating van politieke gevangenes en die toestaan van vrywaring aan dié in ballingskap te bepaal. 'n Werkgroep is gestig en 'n breë ooreenkoms, bekend as die Groote Schuur-minuut, is onderteken. Samesprekings sou later voortgaan. Geweld het egter in Sebokeng uitgebreek toe die Inkatha-hostelbewoners 'n aanval op ANC-ondersteuners uitgevoer het. Dertig mense is doodgemaak. Die polisie is oor die aanval gewaarsku, maar het niks gedoen om dit te verhinder nie. Daar was bewyse van 'derdemag'-betrokkenheid. Dit het gedreig om samesprekings heeltemal tot stilstand te bring. Die onderhandelingsproses het egter vorentoe gebeur en die Pretoria-minuut is later geteken. Mandela het die opskorting van die gewapende stryd aangekondig, en die NP sou die noodtoestand in Suid-Afrika ophef. Geweld tussen die ANC, NP en Inkatha het egter voortgeduur.

Die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (KODESA) is in 1991 gestig en het betrekking gehad op die beginsels van die nuwe konstitusie. Samesprekings is by die Wêreldhandelsentrum in Kemptonpark gehou (19 groepe was verteenwoordig) en ooreenkoms is bereik. Die interim konstitusie sou opgestel word deur 'n veelpartykonferensie, en die finale konstitusie deur die eerste verkose parlement. Die Verklaring van Voorneme is geteken om alle partye se verbintenis tot die onderhandelingsproses te belowe.

KODESA 2 is in 1992 gehou, maar samesprekings het gefaal omdat partye nie kon ooreenkom oor die tussentydse regering in terme van die nuwe konstitusie nie. Nog 'n gewelddadige gebeurtenis het plaasgevind. Die Boipatong-menseslagting het plaasgevind toe Inkatha-hostelbewoners weer ANC-ondersteuners aangeval het. Nege en veertig mense is gedood, en daar is beweer dat Inkatha-lede deur die polisie gehelp is. Die ANC het besluit om uit KODESA 2 te stap, en het met 'n veldtog van uitgebreide massastakings' begin met die doel om druk op die regering te plaas om sy voorwaardes te aanvaar. Die vrees vir burgeroorlog het nou 'n realiteit geword, en dit het vir politieke rolspelers duidelik geword dat dit dringend noodsaaklik was om weer die onderhandelings aan die gang te kry. Dit het gelei tot die Rekord van Verstandhouding.

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Geheime samesprekings is tussen die NP en die ANC gehou, maar geweld het weereens opgevlam, in Bhisho (Ciskei). Ongewapende ANC-betogers is deur die soldate van die Ciskeise regering aangeval. Agt en twintig mense is dood wat massa-aksie teen die NP-regering tot gevolg gehad het.

Die dooiepunt tussen die NP en die ANC is verbreek, met die veelparty-onderhandelingsproses wat weer ingestel is om op te tel waar KODESA 2 dit gelaat het. Dit illustreer die vlak van verbintenis tot hervorming waarmee Mandela die ANC gelei het. Dit simboliseer dat die ANC hulle laat geld het en vasberade was in hulle wil vir positiewe verandering in Suid-Afrika.

Geweld het weereens die goeie trou van die ooreenkoms in gevaar gestel. Op 10 April 1993 is die hoof van Umkhonto we Sizwe, Chris Hani, vermoor. Die land is weer in gewelddadige amok gedompel, en 70 mense het in die daaropvolgende geweld gesterf. Mandela is gevra om die nasie toe te spreek en te kalmeer. Dit is 'n aanduiding van Mandela se mag en teenwoordigheid vir vrede en stabiliteit in die land. Hani se dood het 'n dringendheid geskep vir onderhandelings om gefinaliseer te word.

Die onderhandelde skikking het toe plaasgevind en die gevolg was demokrasie. Dit het bepaal dat partye wat meer as 20% van die stemme op hulle verenig het 'n vise-president kon kies, en die president sou verplig wees om met die vise-presidente te konsulteer. Daar is op die verkiesingsdatum besluit en die toepaslike strukture is ingestel vir die naderende algemene verkiesings. Nie alle Suid-Afrikaners het egter die oorgang na demokrasie aanvaar nie. Die Afrikaner-weerstandsbeweging (AWB), 'n regse konserwatiewe organisasie, het die Wêreldhandelsentrum bestorm in gepantserde voertuie en gedreig om die onderhandelingsproses te ontspoor en het op 'n volkstaat aangedring. Die verbintenis van die sleutelrolspelers, veral Nelson Mandela, was die ruggraat van die onderhandelingsproses. Ten spyte van geweld en ontwrigting, is demokrasie bereik.

Op 27 April 1994 het Suid-Afrika sy eerste demokratiese verkiesing ervaar. Meer as 20 miljoen mense het gestem. Die ANC het die simbool van hoop en verandering en gelykheid vir die meerderheid Suid-Afrikaners verteenwoordig. Die ANC het die verkiesing gewen en Nelson Mandela is ingesweer as die president van Suid-Afrika. Dit is derhalwe duidelik dat Mandela, wat 'n man van vrede en stille krag is, in staat was om die land ten goede te verander, en om demokrasie aan te gryp. Die finale konstitusie was in 1996 gereed vir implementering.

Daar kan derhalwe afgelei word dat die jare 1990 tot 1994 'n mengsel van onderhandelings (Pretoria-minuut, KODESA, ens.) en geweld (Sebokeng, Boipatong, ens.) was. Die land was egter wonderbaarlik in staat om die struikelblokke te oorkom om 'n reënboognasie te word met 'n gevorderde konstitusie. Terwyl sommige van die rolspelers probeer het om die onderhandelings te ondermyn, het ander deurentyd hard gewerk om 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika tot stand te bring.

**Kommentaar:**

- Die vraag is beantwoord en die inhoud is ten volle relevant tot die argument.
- Dit is 'n goedbeplande en goed-gestruktureerde opstel.
- Bewyse is gebruik om die argument te verdedig.
- Die opstel kon verbeter gewees het deur 'n oorspronklike, goed-gebalanseerde en onafhanklike argument te ontwikkel met bewyse wat gebruik is om die argument te staaf en dwarsdeur te verdedig.

| | |
|---|---|
| C | L7 |
| P | L6 |

**44**
**50**

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

## 8. NASIENRIGLYNE EN RUBRIEK

**BRONGEBASEERDE VRAE**

**VRAAG 1**

**WAAROM HET SUID-AFRIKA BETROKKE GERAAK BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG IN DIE 1980's?**

1.1

1.1.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 1A – L1]*

- UNITA (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 1A – L1]*

- Olie-aanlegte
- Hawens
- Spoorweë
- Damme
- Brûe
- Kragdrade
- Ysterertsmyne
- Fabrieke (enige 4 x 1) (4)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A - L2]*

- Angola was 'n veelrassige demokratiese land (Suid-Afrika se apartheids-ideologie was gebaseer op die beginsel van rassesegregasie).
- Die Angolese regering het 'n Marxistiese ideologie gevolg (SA regering was kapitalisties en anti-kommunisties).
- Angola het die ANC toegelaat om opleidingskampe te vestig (SA regering het gevrees dat Suid-Afrika vanaf hierdie basisse aangeval kon word).
- Angola het ondersteuning gebied vir die South West African People's Organisation (SWAPO) wat geveg het vir bevryding van Namibië van die beheer van Suid-Afrika. (enige 3 x 2) (6)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – L2]*

**Ja, die MPLA was geregverdig.**

- Suid-Afrika het Angola binnegeval.
- Die MPLA het bedreig gevoel deur Suid-Afrika en was nie in staat om sy regering te verdedig sonder om te vra vir eksterne ondersteuning nie.
- Suid-Afrika het militêre opleiding en ondersteuning aangebied aan die MPLA se opponente, UNITA en FNLA.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 1 x 3) (3)

1.2

1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – L2]*

- Die Sowjet se ondersteuning het verwoesting veroorsaak (bomme wat van die slee afval en op die grond ontplof).
- Die Sowjet het groot hoeveelhede wapens na Angola gestuur. (Die spotprent wys die slee wat hooggestapel is met verskillende wapens).
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.2.2 *[Evaluering van bevooroordeeldheid in Bron 1B – L3]*

**Tot 'n groot mate omdat:**

- Die titel van die spotprent, 'Slay Bells', impliseer dat die wapens wat na Angola gestuur is die dood sou veroorsaak. ('slay' beteken om dood te maak).
- Die spotprent toon 'n dorp wat vernietig word deur die wapens wat deur die Sowjetunie se slee gedra word.
- Enige ander relevante antwoord.

**Tot 'n mindere mate omdat:**

- Dit akkuraat was om te toon dat die Sowjetunie groot hoeveelhede wapens na Angola gestuur het.
- Die wapens wat na Angola gestuur is uit die USSR het baie dood en verwoesting gesaai.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.3

1.3.1 [*Uittreksel van bewyse uit Bron 1C – L1]*

- Die Sowjetunie
- Kuba (2 x 1) (2)

ÉcoleBooks

1.3.2 [*Definieer die konsep uit Bron 1C – L1]*

- 'n Gemeenskap gebaseer op die beginsels van gesamentlike eienaarskap van eiendom, die herverdeling van rykdom, geen produksie vir wins, en geen klassestruktuur nie. (1 x 2) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – L2]*

- Hy het geglo dat Angola deur die kommuniste beheer was.
- Hy het gesê dat daar tien duisende Kubaanse troepe in Angola was.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse van Bron 1C – L2]*

- Hy het verwys na die Kubaanse magte wat namens die MPLA geveg het.
- Hy het die woord 'kommunis' herhaaldelik gebruik want hy het die Kubaanse teenwoordigheid in Angola as 'n kommunistiese bedreiging gesien.
- Hy was anti-kommunisties.
- Enige ander gepaste antwoord. (1 x 2) (2)

 DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM 

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

1.4

1.4.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 1D – L1]*
- Barbaar
- Terroris (2 x 1) (2)

1.4.2 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 1D – L1]*
- Hulle het gesterf om 'die beskawing te behou'.
- Hulle het gesterf vir die 'behoud van die norme en waardes van 'n Christengemeenskap'. (2 x 2) (4)

1.4.3 *[Bepaling van die bruikbaarheid van Bron 1D – L3]*

**Baie bruikbaar omdat dit toon dat**
- Die openbare uitsaaier nie neutraal was nie – hoogs emosionele en negatiewe taal is gebruik om die bevrydingsbewegings te beskryf ('terroriste', 'barbare').
- Die Suid-Afrikaanse publiek 'n eensydige weergawe van die burgeroorlog in Angola gegee is, en daar is na die Namibiese bevrydingsbeweging verwys as 'SWAPO-terroriste'.
- Die dood van soldate in die grensoorlog beskryf is as 'n regverdige saak – 'n opoffering om beskawing en Christenskap te beveilig. Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.5 *[Interpreteer, ontleed en evalueer inligting uit Bronne 1A-D - L3]*

Leerders moet die volgende punte in hulle antwoord insluit:
- Angola is as 'n bedreiging vir Suid-Afrika beskou.
- Angola was 'n veelrassige, Marxistiese land. Die sukses daarvan sou die kapitalistiese apartheidstaat van Suid-Afrika ondermyn.
- Angola het bevrydingsbewegings soos SWAPO ondersteun.
- Angola het militêre hulp van kommunistiese lande ontvang.
- Vorster (SA Eerste minister) het geglo dat daar 'n kommunistiese sameswering was om die wêreld te domineer, en Angola was van strategiese belang.
- Angola het SWAPO ondersteun in hulle poging om Namibië van Suid-Afrikaanse beheer te bevry.
- Vorster het gevrees dat dit belangrik was om die oorlog in Angola te wen om Suid-Afrikaanse 'beskawing' te bewaar, en 'Christenwaardes', wat bedreig was deur bevrydingsbewegings wat deur Angola ondersteun is.
- Enige ander paslike antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier, bv. **Toon min of geen begrip van waarom Suid-Afrika in die Angolese burgeroorlog betrokke geraak het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor 'n onderwerp te rapporteer, of kan nie oor 'n onderwerp rapporteer nie. | Punte: 0–2 |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en verwys tot 'n groot mate na die onderwerp, bv. **Toon 'n begrip van waarom Suid-Afrika in die Angolese burgeroorlog betrokke geraak het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier. | Punte: 3–6 |
| **VLAK 3** | • Gebruik gepaste bewyse bv. **Demonstreer 'n deeglike begrip van waarom Suid-Afrika in die Angolese burgeroorlog betrokke geraak het.** Bewyse verwys goed na die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp wys. | Punte: 7–8 |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2**

**HOE SUKSESVOL WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) IN DIE GENESING VAN ONS VERLEDE?**

ÉcoleBooks

2.1

2.1.1 *[Uittreksel van bewyse van Bron 2A – L1]*
- 15 April 1996
- Oos-Londen (2 x 1) (2)

2.1.2 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 2A – L1]*
- Die daad van versoening of die proses van versoenbaar maak.
- Om te probeer om verskille van die verlede te versoen om die nasie te genees. (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – L2]*
- Die WVK het die slagspreuk 'Genesing van ons verlede' gebruik sodat dit moontlik sou wees om te verseker dat die waarheid met betrekking tot menseregteskendings in Suid-Afrika nie uitgevee of vergeet word nie, maar ondersoek, aangeteken en ontbloot word.
- Deur die WVK-proses sou mense wat die onregverdighede van die verlede ervaar het miskien afsluiting vind en in staat wees om met hulle lewens aan te beweeg.
- Enige ander geskikte antwoord. (enige 1 x 2) (2)

 DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM 

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

2.1.4 *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 2A – L3]*
- Die WVK was 'n belangrike gebeurtenis in SA se geskiedenis aangesien dit op die genesing van die verlede en die bou van 'n verenigde nasie gefokus het.
- Dit het ondersteuning verskaf met betrekking tot amnestie, versoening en vergoeding.
- Enige ander gepaste antwoord. (enige 1 x 3) (3)

2.2
2.2.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 2B – L1]*
- Dirk Coetzee
- Almond Nofemela
- David Tshikilange (3 x 1) (3)

2.2.2 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 2B – L1]*
- Hy is op die kop geslaan met 'n wielsleutel.
- Hy het op die grond geval en is herhaaldelik met 'n mes gesteek.

(2 x 2) (4)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – L2]*
- Vonnisoplegging is uitgestel totdat die WVK-komitee 'n finale beslissing bereik het.
- Die WVK het gewag vir die Amnestiekomitee om sy finale besluit te neem.
- Enige ander gepaste antwoord. (enige 2 x 2) (4)

2.3
2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – L2]*
- Die WVK was tevrede dat hulle motiewe polities gemotiveerd was – hulle het opdragte van 'n hoër gesag uitgevoer, die Veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie.
- Hulle het aansoek gedoen vir amnestie, die verhoor bygewoon, en die Kommissie was tevrede dat hulle die waarheid bekendgemaak het.
- Enige ander gepaste antwoord. (enige 1 x 2) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – L2]*
- Omdat daar aan hulle amnestie toegestaan is by die WVK, kon hulle nie in 'n kriminele hof verhoor word nie. (1 x 2) (2)

2.4 *[Vasstelling van die nut van bewyse uit Bronne 2B en 2C – L3]*

**Leerders moet verwys na beide Bron 2B en Bron 2C in hulle antwoorde:**
- Bron 2B is nuttig omdat dit op die sluipmoord van Griffiths Mxenge fokus
- en besonderhede verskaf oor hoe en wanneer hy dood is, en wie hom doodgemaak het.
- Bron 2C verskaf waardevolle inligting aangaande wie die instruksies en opdragte gegee het om Mxenge dood te maak.
- Albei bronne is nuttig omdat hulle insig in die werking van die WVK gee, en in die proses van die toestaan van amnestie.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 [*Uithaal van bewyse van Bron 2D – L1]*

- Die Mxenge-familie het die amnestie-aansoek teëgestaan. (1 x 2) (2)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – L2]*

- Die familie van Griffiths Mxenge het gevoel dat die toestaan van amnestie 'n bespotting van geregtigheid was.
- Hulle het gevoel dat Coetzee en sy medebeskuldigdes nie aan die kriteria vir amnestie soos vervat in die Wet op die Bevordering van Nasionale Versoening voldoen het nie.
- As polisiebeamptes het hulle die arena van die politiek betree, wat nie binne hulle jurisdiksie van die beskerming van geregtigheid, die beveiliging van burgers, en die pligte van polisiebeamptes geval het nie. (2 x 2) (4)

2.6

2.6.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 2E – L1]*

- Mamdani beskou die manier waarop die WVK teenoor apartheid opgetree het, 'as of dit nie bestaan het nie', en dat dit nie die lyding van die slagoffers ernstig opgeneem het nie. (1 x 2) (2)

2.6.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2E – L2]*

- Mamdani was van mening dat die WVK wit Suid-Afrikaners kon ingelig het dat baie van hulle gebaat het by die apartheidstelsel.
- Die fokus kon ook gewees het op dié wat gely het as gevolg van apartheid, en nie net op dié wat die wet oortree het nie. (enige 1 x 2) (2)

ÉcoleBooks

2.6.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2E – L2]*

- Die WVK het die doel gehad om dié wat die opdrag gegee het vir politieke misdade aan die kaak te stel.
- Dit het van hulle verwag om deursigtig te wees. Die WVK wou by die waarheid uitkom deur te sê, 'Het jy die opdragte gegee in hierdie saak, daardie saak?'
- Enige ander gepaste antwoord. (enige 2 x 2) (4)

2.7 *[Interpreteer, ontleed en evalueer inligting uit Bronne 2A-D - L3]*

Leerders moet die volgende punte in hulle antwoord insluit:

- Die sukses van die WVK het tot die genesing van die verlede, en die bou van 'n verenigde SA bygedra.
- Dit het die pyn, vernedering en lyding van mense erken, voorsiening gemaak vir amnestie vir families wat trauma beleef het, hulle het oortreders vergewe, en stabiliteit vir SA moontlik gemaak.
- Reparasie is toegestaan, R30 000 vir slagoffers, en hulle het geluister na die verhale van hoe polisie-aktiviste ander doodgemaak het.
- Dit het erkenning gegee aan die feit dat foute gemaak is wat nooit weer herhaal mag word nie, gelei tot die geboorte van 'n kultuur van menseregte, en dat geweld nie verdra moet word nie.

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

- In 2006 het Adriaan Vlok om vergiffenis gevra en sy berou getoon deur die voete van Frank Chikane en die voete van die moeders en weduwees van die Mamelodi 10 te was.
- In sommige gevalle het die aanvaarding van onvoorwaardelike apologie die verhoudings tussen die oortreders en die slagoffers verbeter.
- Sommige families van slagoffers (bv. Mxenge, Goniwe, Hani) het geweier om die WVK-proses van amnestie te aanvaar, en wou hê dat die oortreders in 'n kriminele hof vervolg moet word.
- Mamdani het gevoel dat die WVK nie ver genoeg gegaan het nie – dit het slegs belanggestel in daardie mense wat hulle aan growwe menseregtevergrype skuldig gemaak het, maar nie in hulle wat uit apartheid gebaat het nie.
- Enige ander gepaste punt.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier, bv. **Toon min of geen begrip van die mate waartoe die WVK suksesvol was met die genesing van ons verlede nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen, of kan glad nie oor die onderwerp verslag doen nie. | Punte: 0–2 |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en verwys meestal tot die onderwerp, bv. **Toon 'n begrip van die mate waartoe die WVK suksesvol was met die genesing van ons verlede.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier. | Punte: 3–6 |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die mate waartoe die WVK suksesvol was met die genesing van ons verlede.**<br>• Bewyse het betrekking tot die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon. | Punte: 7–8 |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3**

**WATTER IMPAK HET GLOBALISERING OP DIE NUWE WÊRELDORDE GEHAD?**

3.1

3.1.1 *[Definisie van konsep uit Bron 3A – L1]*

- Globalisering verwys na die integrasie van verskeie ekonomiese, sosiale, tegnologiese, politieke en kulturele strukture en prosesse wat voorsiening maak vir die ekonomiese en politieke verhoudings tussen die verskillende lande van die wêreld.
- Dit is beïnvloed deur die ontwikkeling in kommunikasie, vervoer en infrastruktuur.
- Enige ander paslike antwoord. (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Uittrek van bewyse uit Bron 3A – L1]*

- Negatiewe integrasie
- Positiewe integrasie (2 x 1) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L2]*

- Verwydering van tariefbeskerming wat toelaat dat goedkoop invoere van buite Afrika die mark oorstroom.
- Goedkoop invoere kan die verlies aan werk in industrieë wat in Afrikalande geleë is.
- Enige ander gepaste antwoord. (2 x 2) (4)

ÉcoleBooks

3.2

3.2.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 3A – L1]*

- Krimpende wêreld
- Tegnologie
- Vrye handel
- Enige ander relevante antwoord. (enige 3 x 1) (3)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – L2]*

- Krimpende wêreld – negatief, bv. 'n belegging in Indonesië kan werkloosheid in Londen beteken; of positief, bv. Die Internet laat vinnige kommunikasie oor die hele wêreld toe.
- Tegnologie – positief, bv. 'n verandering in hoe die wêreld kommunikeer, leer, besigheid doen en siektes behandel; of negatief, bv. Lande sonder toegang tot tegnologie is armer en nie in staat om te kompeteer nie (die digitale kloof).
- Vrye handel – negatief, bv. Nasionale regerings is nie in staat om hulle eie industrieë te beskerm nie en werkers se werk word verloor as gevolg van goedkoper ingevoerde goedere soos klere wat in die Verre Ooste vervaardig word; positief, bv. Verbruikers word bevoordeel deur goedkoper ingevoerde goedere soos klere wat in die Verre Ooste gemaak word te kan koop.
- Enige ander gepaste antwoord. (enige 3 x 2) (6)

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

3.3.

3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – L2]*
- Hulle het geglo dat dit positief sou wees. (1 x 2) (2)

3.3.2 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 3C – L1]*
- Voordele (ekonomiese en nie-ekonomiese areas).
- In lae-BBP-lande het burgers geglo dat hulle gebaat het by vrye handel en globalisering. (2 x 1) (2)

3.3.3 *[Bepaal die beperkinge van Bron 3C – L3]*
- Die oorsig was beperk tot 25 000 burgers in 25 lande.
- Dit het dalk nie lande ingesluit wat negatief beïnvloed is deur globalisering nie.
- Ondersteuners van globalisering was hoofsaaklik uit Europa en Noord-Amerika.
- Enige ander gepaste antwoord. (enige 1 x 3) (3)

3.4

3.4.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 3D – L1]*
- Verlies aan werk in ontwikkelde nasies
- Toename in kinderarbeid en slawerny
- Hoë vlakke van besoedeling
- Negatiewe impak van kitskos op mense se gesondheid
- Ongelyke verdeling van rykdom
- Enige ander gepaste antwoord (enige 4 x 1) (4)

ÉcoleBooks

3.4.2 *[Interpretasie van Bron 3D – L2]*
- Werksverliese in ontwikkelde nasies – uitkontraktering van vervaardiging na 'derde-wêreld'-lande.
- Toename in kinderarbeid en slawerny – baie lande het 'n gebrek aan voldoende aanspreeklikheid.
- Hoë vlakke van besoedeling – nuwe industriële ontwikkeling.
- Negatiewe impak van kitskos op gesondheid – verspreiding van globale voedselkettings.
- Oneweredige verspreiding van rykdom – korporatiewe gulsigheid en korrupte regerings.
- Enige ander gepaste antwoord. (enige 1 x 2) (2)

3.5 *[Stel die nuttigheid van Bronne 3C en 3D – L3 vas]*
- Bron 3C verskaf waardevolle inligting oor slawerny, die omkoop van beamptes om kinders te dwing om te werk, en oor hoe mense voel oor globalisering.
- Bron 3D verskaf bewyse van die negatiewe effekte van globalisering.
- Saamgelees, verskaf Bronne 3C en 3D veelvuldige perspektiewe op globalisering. (enige 2 x 2) (4)

3.6

3.6.1 *[Uittrekking van bewyse uit Bron 3E – L1]*

- Globale onregverdigheid
- Optog teen die Wêreld-Handelsorganisasie (WHO) (2 x 1) (2)

3.6.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3E – L2]*

- Die mense in Griekeland, Ierland, en Spanje sal vermoedelik nie saamstem nie, ook nie die hoofsaaklik swart Amerikaanse werkers in Detroit en ander VS stede wat hulle werk verloor het aan mense wat in Taiwan, ens. woon.
- Die betogers het geglo dat die beleid van die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) die oorsaak was van toenemende onregverdigheid dwarsdeur die wêreld. (1 x 2) (2)

3.7 *[Vergelyk bewyse van Bronne 3D en 3E – L2]*

- Bron 3E lig die onregverdigheid toe wat in 3D genoem word.
- Bron 3D gee duidelike voorbeelde van die onregverdigheid wat in die bron genoem word; bv., Bron 3D verduidelik hoe onderontwikkelde lande uitgebuit is, onregverdigheid gely het, bv. lae arbeidskoste, kinderarbeid, slawerny, terrorisme, kriminele, 'n toename in industriële afval, besoedeling, negatiewe gesondheidsake, die rykes word ryker en die armes word armer, korporatiewe ondernemings gaan voort om die armes uit te buit, die verskyning van korrupte regerings. (2 x 2) (4)

3.8 *[Interpreteer, ontleed en evalueer inligting uit Bronne 3A-E - L3]*

Leerders moet die volgende punte in hulle antwoord insluit:

- Globalisering skep 'n nuwe orde
- Tegnologie vermeerder
- Vervoer-, rekenaar- en telekomnywerhede vorder baie vinnig wat dit moeilik en uitdagend maak om by te hou
- Kommunikasie het eksponensieel gegroei, bv. globale toeganklikheid van selfone
- Toegang tot die Internet is noodsaaklik in besigheid, skole, huise, kantore, inligting en kapitaal wat verhandel word
- Veranderings in monetêre beleide
- Globale sake soos die bekamping van internasionale terrorisme, MIV/Vigs, uitdagings vir globalisering
- Reis het makliker en meer bekostigbaar geword – verbetering van kommunikasie
- Enige ander gepaste antwoord.

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt te gee:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier bv. **Toon min of geen begrip van hoe globalisering 'n nuwe wêreld orde geskep het vanaf 1989 tot die huidige nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen, of kan glad nie oor die onderwerp verslag doen nie. | Punte: 0–2 |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en verwys meestal na die onderwerp bv. **Toon 'n begrip van hoe globalisering 'n nuwe wêreldorde geskep het vanaf 1989 tot die huidige.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier. | Punte: 3–6 |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van hoe globalisering 'n nuwe wêreldorde geskep het sedert 1989 tot die huidige.**<br>• Bewyse het goed betrekking tot die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon. | Punte: 7–8 |

(8)
**[50]**

ÉcoleBooks

**OPSTELVRAE**

**VRAAG 1A: CHINA**

Bespreek tot watter mate Mao China vanaf 1949 tot 1976 van 'n onderontwikkelde land tot 'n supermoondheid getransformeer het.

OORSIG

Nasionale mag en die status van nasies word aan ekonomiese kapasiteit en militêre hardeware gemeet – daardie lande met die grootste hoeveelheid van albei word as 'supermoondhede' beskou. Kandidate moet dus bepaal tot watter mate Mao daarin geslaag het om hierdie twee areas tussen 1949 en 1976 te ontwikkel. Duidelike voorbeelde moet gebruik word om hulle argument te ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet baie kortliks die hoofargument uiteensit – in hierdie geval moet daar 'n verklaring van die mate waartoe Mao China teen 1976 van 'n onderontwikkelde land tot 'n supermoondheid ontwikkel het, gemaak word.

UITBREIDING

**Grondhervorming 1949–1976**
- In 1949 was die meerderheid van China se bevolking grondlose kleinboere.
- 1949: Grondhervormingswet – grond is weggeneem van grondeienaars en onder kleinboere verdeel. Elke kleinboer het nou 'n baie klein stukkie grond besit – net genoeg om van te lewe, maar nie genoeg om 'n surplus te produseer nie.
- 1952–1956: Die grond van kleinboere is hergroepeer om kollektiewe boerderye te vorm (teen 1956 was 95% van kleinboere in sulke kollektiewe boerderye) – dit het meganisasie toegelaat, moderne boerderymetodes, en groter produksie.
- Vanaf 1958: Kollektiewe boerderye is in groter eenhede saamgevoeg wat kommunes genoem is. Die doelwit was dat kommunes selfonderhoudend sou wees: in staat om hulle eie onderwys, gesondheid, welsynsdiens te beheer. Kommunes was deel van Mao se 'Groot sprong vorentoe' – 'n poging om China in 'n moderne, geïndustrialiseerde land te ontwikkel. (Aanvanklike slegte weer en swak oeste het wydverspreide hongersnood tot gevolg gehad.)
- (LW: Na Mao se dood is kleinboere weer toegelaat om hulle eie grond te besit en gewasse te kweek vir wins. As gevolg van hierdie 'verantwoordelikheidstelsel', soos dit genoem word, het China 'n veel groter toename in graanoeste gesien.)
- Graanproduksie in China het toegeneem (miljoen ton) – 1949: 111; 1957: 191; 1976: 285; 1984: 407.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**Die ekonomiese en industriële ontwikkeling 1949–1976**

- China het baie min industrieë gehad in 1949 (goedkoop vervaardigde goedere uit Europa en Japan in die vroeë 20ste eeu het Chinese vakmanne ekonomies geruïneer).
- Vanaf 1952 is industriële ontwikkeling sentraal beplan met 'n vasgestelde teiken (dit het die USSR se model gevolg).
- **Plan 1: 1952–1957** – Industriële ontwikkeling het teikens oorskry.
- **Plan 2: 1957–1960** – 'Groot Sprong Vorentoe'. Die gewilde slagspreuk in daardie jare was '20 jaar in 'n dag'. Oor-ambisieus, swak bestuur, oes-mislukkings, het hongersnood tot gevolg gehad waarin miljoene gesterf het – die GSV is laat vaar.
- **Plan 3: 1960–1966** – Daar is op geen planne ooreengekom nie – chaos in landelike gebiede as gevolg van die Kulturele Rewolusie toe tradisionele boerderymetodes as 'agterlik' aangeval is, en onopgeleide werkers van die stede af gestuur is om in die landerye te werk.
- **Plan 4: 1971–1976** – dit was 'n tydperk van vinnige industriële groei.
- BBP het gegroei met 'n gemiddeld van 13% per jaar tussen 1949–1975 (maar baie ongelyk: 1949 = 57 + c.22% maar 1960's = 7%)

**Buitelandse beleid**

- Mao wou die grense van die 'Ou China' hervestig (dit het gelei tot grensoorloë met verskeie buurlande) en sekermaak dat China nooit deur enige buitelandse mag bedreig sou word nie.
- Tibet 1949: Tibet was 'n onafhanklike land wat deur priesters gelei is, wat Mao gesien het as deel van 'Ou China'. In 1950 het die Chinese Rooi Leër Tibet binnegeval – grond is herverdeel, daar was aanvalle op Boeddhisme, kloosters is vernietig. In 1965 het Tibet 'n volle provinsie van China geword. Tibet veg vandag nog om onafhanklikheid.
- Ander voorbeelde soos Indië, Viëtnam of Taiwan kan gebruik word om Mao se buitelandse beleid te illustreer, wat daarop gemik was om die wêreld te wys dat China onder kommunistiese regering nie langer 'n swak en onbelangrike mag was nie.

**Militêre mag**

- Tot 1960 het China baie hulp van die USSR ontvang. Na die Sino-Sowjet verdeling, het China 'n beleid van selfstandigheid gevolg.
- China het kernkrag ontwikkel.
- Enige ander gepaste punt.
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n gepaste gevolgtrekking opsom. **[50]**

**VRAAG 1B: VIËTNAM**

' ... Al die militêre mag van 'n supermoondheid kon nie 'n klein landjie van kleinboere verslaan nie.'

Bespreek hierdie stelling krities in die lig van die Verenigde State van Amerika se betrokkenheid in Viëtnam tussen 1965 en 1975. Gebruik gepaste voorbeelde om jou antwoord te staaf.

OORSIG

Kandidate moet die verskillende redes waarom die VSA daarin gefaal het om die oorlog teen Viëtnam ondanks hulle groter militêre mag, krities bespreek. Duidelike voorbeelde moet gebruik word om hulle argumente te staaf.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet die hoofargument baie kortliks saamvat – in hierdie geval die hoofredes waarom die VSA daarin gefaal het om die oorlog teen Viëtnam te wen.

UITBREIDING

**VSA se militêre taktiek**
- Die VS was swak toegerus en opgelei om 'n guerrilla-oorlog in Viëtnam te veg. Hulle het verloor teen die meer ervare Viëtkong wat die woude geken het en die ondersteuning van die plaaslike bevolking gehad het.
- Die VS het 'soek en vernietig'-taktiek gebruik, en het hele dorpe van Viëtnamese burgerlikes vernietig, maar hulle het daarin gefaal om die Viëtkong te vernietig.
- Die VS het lugaanvalle en chemiese wapens gebruik om die woude te ontbos en napalm om die Viëtnamese bevolking te intimideer en vernietig.
- Hierdie taktiek het die VSA baie steun gekos onder die Viëtnamese bevolking (Noord en Suid), maar het ook die anti-oorlog gevoelens tuis in die VS aangevuur.

**Weerstand teen die oorlog in die VSA**
- 'n Groeiende getal mense (veral jong studente op die kampusse van die VSA) het die VSA se betrokkenheid in Viëtnam teengestaan.
- Samekomste, demonstrasies en opmarse is gehou deur die hele VSA (4 studente is deur staatstroepe doodgemaak by Ohio Staatsuniversiteit, 1971) – baie jongmense wou nie opgeroep word om 'n oorlog te veg waarin hulle nie geglo het nie (ideologies het hulle nie met die VSA se beleid van inperking saamgestem nie).
- As gevolg van die mediadekking (Viëtnam was die eerste oorlog wat gebeeldsend is), was baie Amerikaners teen die verwoesting van dorpe en die moord op burgerlikes wat plaasgevind het in die naam van 'demokrasie' gekant.
- Die anti-oorlog-beweging het ondersteuning vir die VSA-regering tot so 'n mate ondermyn dat President Johnson nie vir herverkiesing gestaan het nie - Richard


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**Chinese en USSR-ondersteuning van Viëtkong**
- Alhoewel die Viëtkong nie die chemiese wapens en gesofistikeerde wapentuig gehad het wat deur die VSA gebruik is nie, het hulle wapens, hulp en bystand van die USSR en China ontvang.
- Ondersteuning deur China en die USSR het dit vir die VSA-troepe baie moeilik gemaak om die guerrillas te ontwapen.

**Ongewildheid van die Suid-Viëtnamese regime**
- Die VSA het probeer om 'n ongewilde regime wat baie van die Suid-Viëtnamese mense (wat die VSA veronderstel was om 'bevry' van die kommuniste) nie ondersteun het nie, te steun.
- Die Suid-Viëtnamese regering was essensieel 'n militêre diktatorskap en die regerende elite is deur die meerderheid van die kleinboerklas gehaat.

**Vasberadenheid en vaardigheid van Viëtkong in vergelyking met VS-dienspligtiges.**
- Die Viëtkong was hoogs gedissiplineerde en toegewyde guerrillasoldate wat geveg het om hulle land te bevry (die Viëtnamese het dit as 'n bevrydingsoorlog beskou).
- Hulle het ook die ondersteuning van die meerderheid van die Viëtnamese mense gehad.
- In kontras, het die VS weermag bestaan uit hoofsaaklik baie jong, dienspligtige soldate.
- Enige ander gepaste punt.

- Slot: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom.

**[50]**

**VRAAG 2A: KONGO EN TANZANIË**

Skryf 'n vergelykende opstel oor die politieke suksesse wat behaal is en die uitdagings van post-koloniale leiers van beide die Kongo en Tanzanië tussen die 1960's en die 1980's in die gesig gestaar het.

OORSIG

Kandidate moet 'n vergelykende bespreking van die politieke suksesse en uitdagings onderneem wat die Kongo en Tanzanië in die gesig gestaar het.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet op die aard van die post-koloniale leiers en beide die Kongo en Tanzanië fokus deur 'n vergelykende bespreking te onderneem.

UITBREIDING

**Leierskap in die Kongo:**

- **Patrice Lumumba** (Eerste Minister 1950–61). 'n Anti-koloniale bevrydingsleier en nasionalis. Party geskiedkundiges is van mening dat hy 'n gebrek aan diplomatieke ervaring gehad het (bv. sy hantering van die Katanga-afskeiding) en dat hy sonder oordeel opgetree het; terwyl ander hom as charismaties, onwrikbaar en met 'n sterk stel waardes gesien het, waaroor hy uiteindelik doodgemaak is.
- **Mobutu Sese Seko** (President 1965–1997) 'n Kolonel in die weermag; 'n kapitalis wat deur die VSA ondersteun is, 'n Afrikanis (het die naam van Kongo na Zaïre verander en daarop aangedring dat mense hulle Afrika-name moes gebruik; Westerse klere is verban), hy was elitisties en het 'n kleptokrasie gevestig (regering deur 'n baie klein groepe); 'n genadelose en outoritêre leier wat gewelddadige metodes gebruik het om alle opposisie die swye op te lê.

**Leierskap in Tanzanië:**

- **Julius Nyerere** (President 1961–1985) Een van die min Afrika-leiers wat vrywillig


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

verskaf nie (met onafhanklikheid het slegs 2% van die bevolking hoërskool bygewoon), plaaslike nywerhede is nie ontwikkel nie, geen plaaslike mense was by die regering betrokke tydens die koloniale tydperk nie; politieke partye is vanaf 1955 toegelaat, maar is op 'n etniese basis gevorm. Dit het etniese wedywering tot gevolg gehad (bv. die poging van die mineraalryke streek, Katanga, om af te skei, wat deur die VSA ondersteun is).

- **Tanzanië:** Deur Duitsland gekolonialiseer, Brittanje het na die Eerste wêreldoorlog oorgeneem. Nyerere het die belangrikheid daarvan om die land te verenig, en die ontwikkeling van 'n Tanzaniese identiteit, beklemtoon – hy het Kiswahili die amptelike taal gemaak. Brittanje het nie sekondêre nywerhede ontwikkel nie, Tanzanië is uitgebuit vir sy natuurlike hulpbronne en kontantgewasse, infrastruktuur is gebou vir die uitvoer van grondstowwe. Brittanje het Tanzaniërs 'n mate van deelname in plaaslike regeringstrukture toegelaat, maar hulle is nie toegelaat om politieke partye te vorm nie.

**Soorte regering**
- **Kongo:** Militêre diktatorskap, kleptokrasie, kapitalisties (private eienaarskap van rykdom het groot verskille tussen ryk en arm veroorsaak); eenpartystaat; Mobutu het al die mag binne die party gehad, en lidmaatskap was verpligtend vir alle burgers; die party was toegewy aan die kultus van Mobutuïsme; ondersteun deur die VSA; het buitelandse kapitaliste aangemoedig om in Zaïre te belê.
- **Tanzanië:** Afrika sosialisties (alle grond en nywerhede is genasionaliseer), eenpartystaat (alhoewel lidmaatskap van TANU vrywillig was en oop vir mense van alle tale, etnisiteite en streke). Het probeer om onverbonde te bly in die Koue Oorlog; het aanvanklik nie buitelandse belegging toegelaat nie, maar was verplig om privatisering en buitelandse belegging toe te laat in ruil vir lenings en skuldverligting van die IMF en Wêreldbank.

**Politieke stabiliteit en onstabiliteit**
- **Kongo:** Relatief stabiel nadat Mobutu aan bewind gekom het in 'n militêre staatsgreep, maar hoofsaaklik omdat alle opposisie verban, stilgemaak en tereggestel is;
- **Tanzanië:** Relatief stabiel met Nyerere wat leier gebly het tot die middel 1980's; 'n oorlog teen Uganda geveg oor 'n grensdispuut.
- Enige ander gepaste punt.

- Slot: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom.

▪ **[50]**

**VRAAG 4A: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980'S**

Verduidelik hoe interne massa burgerlike weerstand en internasionale druk tot die ondergang van PW Botha se apartheidsregime in die 1980's bygedra het.

OORSIG

Kandidate moet verduidelik hoe interne massa burgerlike weerstand en internasionale druk tot die ondergang van PW Botha se regime in die 1980's bygedra het. Relevante voorbeelde moet gebruik word om hulle argumente te staaf.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet op die redes vir interne massa burgerlike weerstand en internasionale druk teen die apartheidsregime in die 1980's fokus.

UITBREIDING

- Botha se regime het met onderdrukking begin en het later 'hervorming' onderneem (1983 Konstitusie).
- 'Hervormings'-maatreëls deur Botha se regime in die vorm van die driekamer-parlementêre stelsel het tot intense interne weerstand deur burgerlike organisasies gelei.
- Interne weerstand in die vorm van 'rollende' massa-aksie/programme van verset gelei deur die UDF, die Nasionale Forum, die Swartbewussynsbeweging, AZAPO, gemeenskaps-/godsdienstige organisasies, studente-organisasies in skole/universiteite, Beëindig-diensplig-veldtog, Black Sash, ens.
- Die afdwing van noodtoestande deur Botha se regime (redes en reaksie).
- Die opkoms en rol van die Mass Democratic Movement in 1985 teen Botha se regime.
- Internasionale druk deur die anti-apartheidsbeweging in Afrika, Brittanje en Ierland.
- Impak van die sport/kulturele/akademiese/verbruikersboikotte; sanksies en disinvestering deur die internasionale gemeenskap op die ekonomie van die apartheidstaat.
- Enige ander relevante punt.

- Slot: Kandidate moet hulle argument opsom in 'n relevante gevolgtrekking.

**[50]**


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**VRAAG 5A: DIE ONDERHANDELDE SKIKKING EN DIE REGERING VAN NASIONALE EENHEID**

Allister Sparks redeneer dat die onderhandelingsproses 'altyd 'n krisis-gedrewe proses' was.

Assesseer Allister Sparks se stelling krities met verwysing na die onderhandelingsproses in Suid-Afrika tussen 1990 en 1994.

OORSIG

Kandidate moet aandui of hulle met Sparks se stelling saamstem. Hulle moet die onderskeie uitdagings waarvoor Suid-Afrika se politieke rolspelers te staan gekom het die onderhandelingsproses uitlig, soos geweld, teenstrydige sienings en politieke onverdraagsaamheid tussen 1990 en 1994.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet die historiese konteks verduidelik en op 'n argument besluit met betrekking tot die stelling dat 'die proses van onderhandeling altyd 'n krisis-gedrewe proses' was.

UITBREIDING

- In Maart 1990, het die ANC Uitvoerende Komitee met die NP-regering onmoet om te 'praat oor gesprekke'. (Die vergadering is opgeskort weens die Sebokeng Menseslagting op 26 Maart 1990; die ANC het gedreig met die voortsetting van die gewapende stryd indien die regering nie homself verbind tot die onderhandelingsproses nie; die regering wou hê dat die ANC hom moet verbind tot magsdeling, en nie meerderheidsregering nie).
- Mei 1990: Die ANC en die regering het by Groote Schuur ontmoet/Groote Schuur-minuut aanvaar.
- Derde vergadering in Pretoria (Pretoria Minuut aanvaar; ANC skort die gewapende stryd op; geweld duur voort ten spyte van vordering met gesprekke; Derdemag word geblameer vir die toename in geweld).
- ANC probeer om die Zulu-koning te bevriend om politieke stabiliteit en vrede in Natal te bewerkstellig; (IVP staan dit teen en geweld neem toe bv. 'Sewedag'-oorlog gedurende Maart 1991. Tweehonderd mense word in Pietermaritzburg doodgemaak.
- Geweld versprei na Johannesburg (treingeweld eis minstens 500 lewens tussen 1990 en 1993; Inkathagate-skandaal vind plaas; ANC stel 14 eise aan die regering as voorvereiste vir verdere onderhandelings).
- 20 Desember 1991 KODESA begin – geboikot deur die PAC, AZAPO en die Konserwatiewe Party; Verklaring van Voorneme geteken/Suid-Afrika op drempel van demokrasie.
- KODESA 2 het in Mei 1992 begin maar ANC het uitgestap as gevolg van die Boipatong-menseslagting in Junie 1992.

- Oktober 1992 stel Joe Slovo die oorgangsklousule voor as 'n kompromie - NP-regering en ANC teken later die Rekord van Verstandhouding; IVP verwerp hierdie ooreenkoms.
- 7 September 1992 byna 80 000 ANC-ondersteuners marsjeer na Bhisho en eis die inkorporering van Ciskei in Suid-Afrika. Soldate van die Bantustan-leier, Oupa Gqozo se regering, vuur op ongewapende protesteerders wat lei tot die dood van 28 mense; die driepartyalliansie reageer deur met uitgebreide massastakings te begin.
- Geweld het weereens uitgebreek. Derdemag word geïmpliseer; Goldstone-kommissie bevestig die betrokkenheid van die polisie/SAW.
- Sluipmoord van Chris Hani op 10 April 1993 was 'n poging deur die regses om die proses van onderhandeling te ontspoor.
- AWB val die Wêreldhandelsentrum binne om die onderhandelings te stop – 25 Julie 1993.
- APLA loods 'n aanval op die St. Jameskerk in Kaapstad – 25 Julie 1993 en vermoor 11 en wond 58 aanbidders.
- IVP en COSAG verwerp die Rekord van Verstandhouding en verkies federalisme, terwyl die AWB en KP 'n volkstaat wou hê.
- Lucas Mangope, Bantustan-leier van Bophuthatswana, vra die AWB om te help om integrasie met SA teen te staan – lei tot die dood van 63 AWB-lede.
- 28 Maart 1994 lede van die IVP marsjeer na die ANC-hoofkantoor by Shell-huis – het die Shell-huis menseslagting tot gevolg, met die dood van ongeveer 300 mense.
- Veelpartygesprekke hervat in April 1993.
- Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesings vind plaas op 27 April 1994.
- Enige ander relevante punt.

- Slot: Kandidate moet hulle argument opsom met 'n relevante gevolgtrekking.

**[50]**

EcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

## DENKVLAKKE GEBRUIK OM BRONGEBASEERDE VRAE TE STEL

| KABV: GRAAD 12-ONTLEDINGSROOSTER: BRONGEBASEERDE VRAE | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG 1**<br>**SLEUTELVRAAG: WAAROM HET SUID-AFRIKA BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG IN DIE 1980's BETROKKE GERAAK?** | | | |
| **Vraagnommer** | **Vlak 1** | **Vlak 2** | **Vlak 3** |
| 1.1.1 | 1 | | |
| 1.1.2 | 4 | | |
| 1.1.3 | | 6 | |
| 1.1.4 | | 3 | |
| 1.2.1 | | 4 | |
| 1.2.2 | | | 4 |
| 1.3.1 | 2 | | |
| 1.3.2 | 2 | | |
| 1.3.3 | | 4 | |
| 1.3.4 | | 2 | |
| 1.4.1 | 2 | | |
| 1.4.2 | 4 | | |
| 1.4.3 | | | 4 |
| 1.5 | | | 8 |
| **TOTAAL: 50** | **15** | **19** | **16** |
| **KABV-denkvlakke: 100%** | **15 (30%)** | **20 (40%)** | **15 (30%)** |
| | | | |
| **VRAAG 2:**<br>**SLEUTELVRAAG: HOE SUKSESVOL WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) IN DIE GENESING VAN ONS VERLEDE?** | | | |
| 2.1.1 | 2 | | |
| 2.1.2 | 2 | | |
| 2.1.3 | | 2 | |
| 2.1.4 | | | 3 |
| 2.2.1 | 3 | | |
| 2.2.2 | 4 | | |
| 2.2.3 | | 4 | |
| 2.3.1 | | 2 | |
| 2.3.2 | | 2 | |
| 2.4 | | | 4 |
| 2.5.1 | 2 | | |
| 2.5.2 | | 4 | |
| 2.6.1 | 2 | | |
| 2.6.2 | | 2 | |
| 2.6.3 | | 4 | |
| 2.7 | | | 8 |
| **Totaal: 50** | **15** | **20** | **15** |
| **KABV-denkvlakke: 100%** | **15 (30%)** | **20 (40%)** | **15 (30%)** |

ÉcoleBooks

| VRAAG 3<br>**SLEUTELVRAAG: WATTER IMPAK HET GLOBALISERING OP DIE NUWE WÊRELDORDE GEHAD?** | | | |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | 2 | | |
| 3.1.2 | 2 | | |
| 3.1.3 | | 4 | |
| 3.2.1 | 3 | | |
| 3.2.2 | | 6 | |
| 3.3.1 | | 2 | |
| 3.3.2 | 2 | | |
| 3.3.3 | | | 3 |
| 3.4.1 | 4 | | |
| 3.4.2 | | 2 | |
| 3.5 | | | 4 |
| 3.6.1 | 2 | | |
| 3.6.2 | | 2 | |
| 3.7 | | 4 | |
| 3.8 | | | 8 |
| **Totaal: 50** | **15** | **20** | **15** |
| **KABV-denkvlakke: 100%** | **15 (30%)** | **20 (40%)** | **15 (30%)** |

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

## 9. BIBLIOGRAFIE

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

**BOEKE:**

Angier, K. (et al), *Viva History Grade 12: Learner's Book.* (Johannesburg: Vivlia, 2013).

Frederikse, J. *South Africa: A different kind of war.* (London: James Currey, 1987).

Hanlon, J. *Beggar your neighbours: Apartheid power in Southern Africa.* (London: James Currey, 1986).

Pillay, G. (et al), *New Generation History Grade 12: Learner's book.* (Durban: Interpak Printers, 2013).

**INTERNETWEBTUISTES:**

http://www.cartoons.ac.uk/search/cartoon_item/angola.

http://www.sahistory.org.za/archive/interview-south-african-prime-minister-mr-b-j-vorster-mr-clarence-rhodes-upitn-tv-13-february.

http://qu301southafrica.com/tag/recon.

www.justice.gov.za/trc/report/ .

www.info.gov.za/speeches/1997/08050w13297.html.

www.justice.gov.za/trc/media/1996/9611/s961105h.html.

http://hubpages.com/hub/Definition-of-Globalization.

http://globalisation.pen.io.

www.globescan.com/news_archives/press_inside.htm.

http://www.buzzle.com/articles/negative-effects-of-globalization.html.

http://content.lib.washington.edu/wtoweb/images/wto-protest.jpg.

ÉcoleBooks

## AANHANGSEL E: RIGLYNE OM 'N BIBLIOGRAFIE TE SKRYF

- **Vir 'n boek:**
  Outeur (van, voorletters). *Titel van boek* (Uitgewers, Datum van publikasie).

  Voorbeeld:
  Dahl, R. *The BFG*. (Farrar, Straus & Giroux, 1982).

- **Vir 'n ensiklopedie:**
  *Titel van ensiklopedie,* Datum van uitgawe. Volume Nommer, 'Titel van artikel', bladsynommers.

  Voorbeeld:
  *Encyclopaedia Britannica*. 1997. Volume 7, 'Gorillas', pp 50-51.

- **Vir 'n tydskrif:**
  Outeur (van eerste), 'Titel van artikel'. *Naam van tydskrif.* Volume nommer, (Datum): bladsynommers.

  Voorbeeld:
  Jordan, Jennifer, 'Filming at the top of the World'. *Museum of Science Magazine*. Volume 47, No 1, (Winter 1998): bl. 11.

- **Vir 'n koerant:**
  Outeur (van eerste), 'Titel van artikel'. *Naam van koerant.* Stad, staat van publikasie. (Datum): uitgawe indien beskikbaar, seksie, bladsynommer(s).

  Voorbeeld:
  Powers, Ann, 'New Tune for the Material Girl'. *The New York Times*. New York, NY. (3/1/98): Atlantic Streek, Seksie 2, bl. 34.

- **Vir 'n persoon:**
  Volle naam (van eerste). Beroep, datum van onderhoud.
  Voorbeeld:

  Smeckleburg, Sweets. Busbestuurder. 1 April 1996.

- **Vir 'n film:**
  *Titel*, Regisseur, Verspreider, Jaar.

  Voorbeeld:
  *Braveheart*, Regisseur Mel Gibson, Icon Productions, 1995.

 DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM 

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM